# *MIGA DIE PROFEET*

. . .?. . .kan maar sit. Ek—ek sê julle, as ek ooit so-iets sou gestand doen, sou ek 'n goeie man wees. Ek wil net sê dat hy my net baie liefhet, dis wat dit is, hy dink net baie van my. Ek sou nooit 'n reputasie soos daardie kon lewe nie. Maar ek is so bly om te weet dat iemand soveel van jou dink.

2 Eenkeer het ek, in my tuiskerk, gepreek net so hard as wat ek kon en iets vir die Here probeer doen, en—en ek het uitgegaan, iemand het gesê: "Ek het daardie boodskap waardeer vanaand, Broer Branham."

Ek het gesê: "Dankie. Baie dankie."

Iemand, dame, het nadergestap, gesê: "Sê, dit was 'n wonderlike boodskap, Broer Branham."

Ek het gesê: "Dankie. Dankie."

3 En iemand anders het iets gesê. En afgegaan, daar was 'n prediker wat daar besoek het, hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "ek hou nie daarvan dat mense my vereer nie."

4 Ek het gesê: "Wel, daar's net een verskil," ek het gesê: "Ek hou daarvan." En hy het gesê. . .En ek het gesê: "Ek hou altyd daarvan as iemand vir my sê of ek reg of verkeerd doen, ek wil graag weet waar ek staan."

Hy het gesê: "Wel, ek wil nie hê enigiemand moet vir my sê dat ek goed gedoen het nie."

Ek het gesê: "Ek hou daarvan," en ek het gesê: "ek glo daar's net een verskil tussen my en jou."

Hy het gesê: "Wat is dit?"

Ek het gesê: "Ek praat die waarheid, jy nie."

5 Ons almal—ons wil almal hê iemand moet vir ons sê as ons. . . En ek dink enige regdenkende persoon sal goeie, skoon kritiek waardeer as jy regtig verkeerd is, iemand net vir jou sê jy's—jy's verkeerd en jou wys waar jy verkeerd is, ek waardeer dit. Ek wil reg wees, as iemand my reg kan laat wees.

6 O, daar's soveel dinge, en ek wil sê: dis, baie dankie vir die komplimente, broer, ensovoorts. En alles is net goed. Ek het jou net so lief, Broer Joseph. En ek besef dat Broer Joseph van nasie na nasie was, plek na plek, om skole te stig, en predikers te stuur, o, net 'n hele lewe opgewerk het. Ek het beslis die grootste eerbied en respek vir Broer Joseph Boze. Hy's my, waarlik, my broer.

7 Dan, dankie dat jy gesê het: "Geluk met jou verjaarsdag," vir my pragtige vroutjie vanaand. Sy het te laat ingekom om by die diens te kom, maar ek gaan daardie hele hartlike verwelkoming

neem en haar daarvan vertel wanneer ek by die huis kom, daar oorkant. Hoe. . . Sy sal dit waardeer. Sy is in. . . En dis een ding, Broer Joseph het 'n bietjie met my gespog, maar hy het dit nie te veel gespog met haar nie, want sy—sy is regtig waardig van alles wat gesê kan word. Sy's twee-en-veertig jaar oud vandag. Sy's net 'n kind, julle sien, ek het met 'n kind getrou.

8 En so, sy—sy het egter by my gestaan, soos 'n regte, egte vriend. En Billy, toe sy moeder gesterf het, en ek was omtrent vyf-en-twintig, ses-en-twintig jaar oud, en hy het geen moeder gehad nie, gehuil, en niemand om hom na toe te neem nie, en sy was net 'n klein meisietjie, soos, toe, omtrent sewentien, agtien, sy het na hom gekyk.

9 En later jare, nie eers meer daaraan gedink om ooit met daardie kind te trou as wat ek sou met 'n vreemde persoon wat daarbuite sit, nie *soveel* nie. Ek en haar pa was saam jagmaats, en ons het net grootgeword. Wel, sy, ek sou, sy sou my seker gepla het, en ek sou haar gevra het vir 'n stukkie lekkergoed, so dis hoe dit was, julle weet, toe ons was, net groot geword het, kinders. So ons het net saam grootgeword soos daardie, en ek het nooit daaraan gedink om met haar te trou nie.

10 Maar ek sê julle, dit was beslis 'n God-gestuurde gawe aan my toe ek, toe God my my vrou gegee het. En baie dankie. En daardeur het Hy my drie lieflike kinders gegee.

11 En sy het Billy Paul oorgeneem. En gewoonlik 'n moeder, 'n stiefma, wat inkom, julle weet hoe dit daarmee gaan. Ek kan dit sê (Sy's nie hier nie, maar dis waar, enigiemand weet, dis, my bure is hier.), dat sy daardie seun liefhet en net was, sy beter vir hom was as sy—sy moeder. Ek het sy ma hom 'n pakslae sien gee toe hy nie ses maande oud was nie, maar Meda het glad nie aan hom geraak nie, net, sy moes miskien 'n bietjie meer gedoen het, of, miskien sou hy anders gewees het. Sy het dit alles aan my oorgelaat.

12 Maar, ek. . . Party mense sê hulle glo nie daarin om hulle pakslae te gee nie, maar jy weet die Skrif sê jy sal, as jy die lat spaar, jy die seun bederf, so ek—ek—ek glo daarin om kinders te korrigeer, hulle te laat luister. Ons meer daarvan gehad het, sou ons nie te veel jeugmisdaad gehad het nie.

13 Nou, vanaand is 'n Woensdagaand, en ons is, net soort van 'n klein aand wanneer ek nie baie mense hier verwag het, as gevolg van kerke nie. En vanaand is biduuraand by die kerke, en ek, baie dankbaar vir die—vir die gehoor. En dis 'n goeie ding dat almal nie dieselfde aand kom nie, want ons kan niks met hulle doen nie. Ek het 'n rukkie gelede gesê: "Hoeveel is hier, het hulle gesê, wat nie tevore in die dienste was nie?" En meer as die helfte van die gehoor. Gisteraand was daar twee-derdes van hulle wat nog nooit tevore in die diens was nie, en dit gaan voort.

14 Nou, daar is soveel dinge wat ons kan sê. Ek glo gisteraand, as ek nie verkeerd is nie, in my boodskap gisteraand gepraat van—van, vergeet oor watter teks ek gisteraand gepreek het, *iets* wat ek ingebring het van, o, *Die Vergete Saligspreking*. Ek glo dis Matthéüs, die 11de hoofstuk en die—die 6de vers, of so-iets soos daardie, 11:6, ja, *Die Vergete Saligspreking*: "En salig is hy wat nie aan My aanstoot neem nie."

15 Ek het gepreek oor hoe mense aanstoot neem oor Jesus. En Johannes het, hy het dit nie so uitgedruk nie, maar soort van aanstoot geneem omdat dinge nie verloop het net soos hy gedink het dit behoort te wees nie, omdat hy 'n Jesus bekendgestel het met 'n, of, 'n Christus, Messias, met 'n skop in Sy hand, en die vloer skoon gemaak het, en die kaf verbrand het, en toe Hy gekom het, was Hy baie sagmoedig en nederig, en saggeaard. En so hulle. . .hy kon skaars verstaan wat 'n, wat dit was. Lyk asof hy 'n teleurstelling gehad het, en hy was, soort van 'n bietjie aanstoot geneem het.

16 Tog het hy die Messiaanse teken gesien en geweet dat Dit Hy was, so hy het dissipels gestuur om uit te vind of Dit Hy was. Nou, dit was verskriklik om so-iets te sê, maar Johannes was gesalf met die gees van Elía, en Elía het ook amper 'n senuwee-ineenstorting gehad, julle weet, onder die besembos. En hier was Johannes, solank as wat jy daar staan en dit uitgee, is dit alles reg, maar wanneer jy dit moet inneem, dan is dit 'n bietjie anders, julle sien, so, Johannes in die tronk, het sy arendsoog dof geraak.

17 En so het ons gesien dat Jesus hom nooit enige lesings gegee het, of vir hom gesê het hoe om, vir Johannes te sê, om dit te doen nie, Hy net gesê het: "Bly tot die diens verby is en kyk wat gebeur." En na die diens verby was, het Hy gesê: "Nou, gaan wys hierdie dinge vir Johannes: Die kreupeles loop, die blindes sien, die dowes hoor, sovoorts, en aan die armes word die evangelie verkondig. En salig is hy wat nie aan My aanstoot neem nie." Toe, begin praat van 'n aanstoot.

18 En toe het ek, het ek verwys na 'n klein kindjie wat van Zion, Illinois, hierbo was. En as ek dit nie mis het nie, het iemand vir my gesê, of gesê hulle het gedink hulle was, dat daardie kind in die gebou was vanaand. Is dit reg? Is die moeder hier met daardie kind van Zion City, Illinois, wat die kreupel been gehad het, wat opgedraai was onder dit, en nou loop? Sy sou óf vanaand óf môre hier wees.

19 Dis die moeder. God seën jou, Suster. Was jy hier gisteraand? [Die suster sê: "Ja, ek was."—Red.] Goed. Dis alles reg. Ek het nie—ek het nie—ek, jy het verstaan wat ek bedoel, dat jy nie aanstoot gegee het nie, maar jy was net, jy het net gewonder wat met daardie kind sou gebeur. Is dit reg? Goed. Die Here het gedoen net wat Hy gesê het Hy sou, het Hy nie? Dis wonderlik.

Dank die Here daarvoor. Het jy die baba by jou? ["Nee."] Dit is nie hier nie.

20 Wel dit, die moedertjie het uitgegaan. Sy het haar geloof heeltemal opgebou gehad, o, goeiste, net sodra ek hande op die babatjie gelê het, sou dit net daar gebeur. Maar julle sien, dat regtig, partymaal, as ons, as dit ware geloof is, is daar niks wat dit gaan stop nie. So buite by die woonwa, die moedertjie het die baba die volgende dag gebring, en sy het soort van gewonder, sy en haar man, en wou weet waarom die baba se been nie gesak het nie.

Wel, ek het nooit niks gesê nie, en ek het gedink: "Sy glo dit, en die meisie glo dit regtig, so dit—dit moet gebeur, solank . . . "

Toe sy uitgegaan het, het sy iets vir my gesê, "Dink jy, Broer Branham, dis die wil van God vir my baba om 'n kreupel te wees?"

En ek het gesê: "Nee, meneer, dit is nie." Dis net waarvoor sy gewag het. Sien? So Hy het dit geëer en die baba genees.

21 En toe ek ingekom het net 'n paar oomblikke gelede, ek mag verkeerd wees met hierdie getuienis, maar daar is, as die vrou hier is, ek het gedink ek het die motor daarbuite gesien, en die woonwa, daar was 'n dame wat onlangs na my kerk toe gekom het, omtrent, o, dit was nie meer as 'n jaar of twee gelede nie. En daardie dame erg opgeswel, soos *hierdie*, met 'n gewas. O, julle het nog nooit so 'n gewas gesien nie! Die dokters kon nie eers daaraan raak nie, dit was so 'n verskriklike toestand, en so erg dat sy nie eens kon loop nie, hulle moes haar dra.

22 Wel, sy het gehoor ek gaan daardie aand by die kerk wees. En julle weet hoe dit is, daardie tabernakeltjie daar, so na die diens verby was, ek het nie vir die siekes gebid nie, ek het net gebid, en—en ek reken sy was, het ook soort van aanstoot geneem. Maar, in elk geval, een van die getroue diakens en party van hulle, hulle het geweet toe ek uitgegaan het deur die studeerkamer, of, die diaken se kantoor, aan die agterkant. Hulle het hierdie arme vrou daar omgedra, yslike groot vrou, en daardie groot gewas, o, verskriklik, en hulle het haar daar neergelê by die trap, waar wanneer ek uitkom, ek óf sou moes oortrap, òf iets.

23 So toe, toe ek uitgekom het, het sy die woord gespreek, en God het vir my die Woord gegee, en ek het Dit teruggespreek. En omtrent—omtrent verlede somer, dink ek was dit, het sy voor gestop saam met haar man, op die pad terug na Kalifornië, en daardie vrou is net so plat, daardie gewas was heeltemal weg.

24 Daar is . . . en as dit . . . Ek—ek het haar nou die dag by Bloomington gesien, en ek het gesê: "Suster, ek wil hê dat—dat jy moet opstaan vanaand." En 'n paar predikers het my beetgekry, en ek het begin praat, en het daarvan vergeet. Ek dink dis haar motor en woonwa wat hierbuite staan met 'n Kaliforniese nommerplaat. As daardie vrou hierbinne is, sal jy net jou hand

opsteek, Suster? Waar ook al, ja, daar is sy aan die agterkant. Dis reg. Sal jy omgee om daar uit te stap in die paadjie net ’n oomblik sodat mense kan sien? Maak jou jas oop, sodat die mense kan sien jou. . .? Met ’n gewas so groot, dit het ver uitgestaan. [Die suster juig—Red.] As—as dit jy was in daardie toestand, kon jy ook so voel.

25 Nou, onthou, sy was so groot dat sy nie eens kon rondloop, soos *hierdie* nie, hulle moes haar dra, met die gewas uitgeswel soos *hierdie*. En elke stukkie daarvan het verdwyn, weggegaan, en dis weg. Sien? Nou, ons nie. . .

26 Daar is nog ’n dame, dink ek, in hierdie gebou vanaand, ’n geregistreerde verpleegster. Ek het haar en haar man nou die dag hier gesien, hulle is boesemvriende van my.

27 Om te sien hoe lank dit hou: Toe op die rekords van Houston, Texas was, sy, laaste hoop, op sterwe, opgevreet met kanker, en hulle het haar na die diens toe gebring. En toe my broer, Howard, daardie aand gebedskaartjies uitgedeel het, hy kom gewoonlik vorentoe, soos Billy sou maak, en skommel die kaarte, en gee vir die mense die gebedskaartjies. En hierdie vrou, wat daar gesit het, het oorkant na ’n ander dame gekyk wat erger was as wat sy was, hierdie verpleegster, en omdat sy ’n gevoel het vir siek mense, staan sy op en gaan die heelpad na die agterkant toe en kry vir haar ’n sitplek heel agter.

28 Daardie aand toe Howard ingekom het, my broer, om gebedskaartjies uit te gee aan die voorkant, het die Heilige Gees gesê: “Gaan agtertoe, en gee hulle uit aan die agterkant, vanaand.” En sy het die gebedskaartjie gekry, in die ry gekom, die Heilige Gees het haar daarvan vertel, en het haar geheel en al genees. En sy, dit was omtrent tien, twaalf jaar gelede, of miskien meer, en sy is steeds ’n geregistreerde verpleegster, wat ’n ouetehuis onder in Texas bestuur.

29 Bro-. . .Suster Harris, is jy hier vanaand? Sy’s ’n geregistreerde verpleegster, iewers, ’n lieflike, pragtige vrou van. . .*hier* is sy, dis reg, ’n geregistreerde verpleegster. Die laaste gevalle van kanker, dokters wat die geval behandel daaronder, weet hulle het haar afgekeur. En nou, sê hulle vir my dat dokters, wat aftree en dinge, na haar toe kom vir hulp, in die wete dat sy ’n Godsvresende Christen is wat haar lewe vir Christus gegee het, en God haar genees het.

30 O, wat probeer ek sê, vriend? Moenie aanstoot neem nie. Hy is, geen aanstoot in Hom nie, Hy loop reg volgens skedule, um-hum, ja, meneer.

31 Toe het die Heilige Gees ons gelei om gisteraand te sê, dat ons nie ver agter is, of ons ook nie ver vooruit is nie, ons net presies op skedule is, hierdie tydige Boodskap wat ons vandag het.

32 En as iemand gesê het: “O, dis dae wat verby is,” en iemand soos daardie, gaan vertel vir Johannes, jou pastoor, of wie dit

ook al is, sien, die kreupeles loop, die blindes sien, die gewasse verdwyn, en die kankers word genees. Hoe lank hou dit? Net solank jy dit glo. Dis reg. Dis hoe lank verlossing hou, so, net solank as wat jy dit glo.

33 So hou nou goeie moed, hê geloof in God. En Christus het ons nie verlaat nie, moenie aanstoot neem nie, as Hy dit belowe het, sal Hy dit doen, en Hy's net betyds, net presies, Hy's reg op skedule elke oomblik.

34 En jy sê: "Broer Branham, ek voel vanaand is my aand wat ek genees gaan word." Moenie bekommerd wees nie, Hy's reg op skedule, bly jy net op skedule, en as jy glo hierdie is jou aand, is dit so.

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

35 Genadige en Heilige Hemelse Vader, soos ons U troon van genade nader, gee ons van U genade vanaand, om die Woord van God te preek, sodat mense kan sien en glo, want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

36 Terwyl ek gebid het. . . Die mense wat my—my vrou gebring het vanmiddag, en my seuntjie, Joseph, is hier in die gebou iewers, ek neem aan hulle het ingekom. Hy was 'n Jehova Getuie, en sy vrou, dink ek, was die Anderson Kerk van God. Sy was 'n tuberkulose, is genees, sy het 'n kreupel seun gehad, polio in sy bene, wat sy been opgetrek het. En hulle het die diens gevolg, hulle was by Houston, Texas, glo ek. Dis waar ons Suster Harris (Waar sy ook al was, dis donker in die hoeke, waar sy ook al was, *daar* oorkant.) genees is. En hulle was daar daardie aand wat die Lig afgekom het.

37 Hulle was in Louisville, hulle het buitekant, Kentucky gewoon, en hulle het ingekom. En Broer Wood self, reken ek, nie veel daarvoor nie, as 'n Jehova Getuie, en grootgemaak in daardie soort familie, en streng om weg te bly van kerke, ensovoorts.

38 Maar hy het 'n meisie daardie aand gesien wat verander was in, net versteen was, en vir jare het sy gelê, dit wat reg om haar heupe was, en kon vir jare nie beweeg nie. Sy het opgestaan van daar af, gestap oor die platvorm, haar bed geneem, en huis toe gegaan, gewerk, die volgende dag op-en-af met die trappe gehardloop.

39 Klein seuntjie wat in 'n rolstoel gesit het, een been langer as die ander, het opgestaan, na die platvorm toe gekom en daar gestaan, die kêreltjie het reg van die platvorm af gepreek, albei bene dieselfde. En dit het hulle laat belangstel.

40 So ek het na Swede toe gegaan, teruggekom, en hulle was hier iewers by 'n diens, iewers hier in Ohio, en hulle het ver agter in die agterkant van die tent gesit. Daardie aand het die Heilige Gees gesê: "'n Seuntjie daaragter met 'n trui aan, geel truitjie, sy moeder en vader," en alles van hulle. Hulle, was nog nooit, hulle

het geweet ek het nog nooit van hulle gehoor, niks nie, hy was ’n kontrakteur bo in Kentucky. En gesê: “SO SPREEK DIE HERE, die kreupel seun is genees.”

41 Wel, hulle het ’n rukkie daar gesit en sy het direk vir haar man gesê: “Laat die seun opstaan,” iets soos daardie. En die seun het opgestaan, en albei bene was dieselfde. Daardie seun is ’n jong man vanaand, getroud, het ’n kind. En as ek dit nie mis het nie, David, is jy in die gebou? David Wood, waar is jy? Een been opgetrek onder hom en die ander een. . . Is jy hier, David? Daar is hy, wat in die deur staan. Sal jy net hiernatoe loop, David, sodat hulle kan sien daar’s nie. . . Weet nie eens watter been dit was nie, en dit was onder hom opgetrek.

42 Nou, die suster van Zion, daar, met die babatjie, jy sien wat God gedoen het vir een van daardie opgetrekte bene, jy sien wat Hy vir joune doen, Hy is steeds God, Hy is reg op skedule. Die enigste ding vir ons om te doen, is om net ons geloof te skeduleer met Sy wese hier, en dit sal gebeur.

43 Nou, net vir ’n kort boodskappie. En Billy het my gisteraand gekomplimenteer, dat ek regtig klaargemaak het binne omtrent vyf-en-dertig, veertig minute. Ek het twee ure geneem, ’n bietjie langer. Maar hy—hy het gesê: “Jy doen goed, as jy dit by twintig minute kan kry, sal dit beter wees vir die mense.”

44 En ek het gesê: “Wel, dit gaan moeilik wees vir my.” En so, sien, soort van moeilik. Ek het baie, om oor te praat, want ek het ’n baie groot Here wat kom, en ek hou so baie daarvan dat ek net aanhou praat.

45 Maar julle wat in die Skrif wil kyk, as julle in Een Konings sal ingaan, die 22ste hoofstuk, die 14de vers, daardie een vers vir ’n teksie om die konteks van te maak, as die Here ons help om te praat, net vir ’n paar oomblikke.

> *Toe sê Miga, So waar as die* HERE *leef, wat die* HERE *my sê, dit* sal ek *spreek.*

46 Nou, ons het ’n groot storie hier voor ons, maar nie tyd om dit op die regte manier te benader nie. En môre-aand, as ek kan, as die Here wil, of een aand, wil ek—ek graag teruggaan in die Ou Testament, hier, en die artikel oor profete optel en hulle uitbring, as Hy wil. Dan het ek, lyk asof Hy met my gepraat het, met my om Donderdag en Vrydagaand te neem en *Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God* te preek, en dis ’n tydige ding wat ek dink die kerk behoort te weet.

47 En nou, hierin vind ons dat daar ’n koning in Israel was op hierdie tyd met die naam van Agab. Hy was die koning van Israel, en op hierdie selfde tyd was Jósafat koning van Juda. En Jósafat was ’n regverdige man, ’n godsvresende man, en sy vader, Asa, voor hom, was ’n godsvresende man.

48 Maar ons vind dat Agab soort van was wat ons 'n grenslyngelowige noem, 'n net 'n kêrel wat soort van gegaan het, enige kant toe wat die winde gewaai het, wel, het dit Agab geneem. En hy het 'n vrou gehad met die naam van Isébel, en hy het met hierdie meisie getrou net om sy koninkryk te versterk. En sy was 'n afgodedienaar, en sy het Israel heeltemal verskeur.

49 En, wel, die predikers het almal geword, wat baie goeie predikers was, het louwarm geword, en—en hulle was omtrent almal van hulle het teruggegaan. Maar daar was een ou man wat hulle nie kon keer nie, dit was Elía, hy het hom nie geflous nie, so hy—hy het reg by daardie Woord gebly, en so, hy het geprofeteer oor wat met Agab sou gebeur.

50 So toe is Jósafat eendag geroep om hierdie koning van Israel te besoek, wat, hulle was net soos broers, Metodis, en Baptis, en Presbiteriaan, Pinksters, hulle was broers, hulle was almal dieselfde ras en dieselfde, veronderstel om, dieselfde God te *dien*. En Agab was, hy was nog altyd 'n gelowige, 'n louwarm, grenslyngelowige. Maar sy vrou was, hy was die hoof van die huis, maar sy moes die nek gewees het wat die kop gedraai het, julle weet, so wat sy ook al gesê het, sy was die stelsel.

51 En, broer, laat ek dit sê met respek vir sommige van julle goeie geharde Demokrate: Dis wat ons nou het. Hy mag reg wees, maar daar's 'n stelsel daaragter wat die kop draai. En ons het dieselfde ding gedoen net soos . . . Ons sal later daarby kom.

52 So, in elk geval, hierdie vrou, sy het hom net bestuur, wat sy ook al wou, sy het net by hom gekom en hom dit laat doen, om sy vinger gedraai, en sy het die troon bestuur, sy was die krag agter die troon.

53 En so is Jósafat uitgenooi om Agab te besoek, en Agab het hom al die prag gewys wat Israel gehad het. Nou, dis wanneer 'n gelowige in die verkeerde geselskap kan beland. Toe Jósafat afgegaan het om met Agab te gesels, het hy in die verkeerde bank beland.

54 Nou, daar's soveel keer dat mense dit kan doen met goeie bedoelings. Mense bedoel nie om verkeerd te doen nie. Ek glo daar is baie mense vanaand wat in sonde is wat dit regtig nie wil doen nie.

55 'n Tyd gelede 'n pragtige, jong meisie in 'n psigopatiese kamer, en hulle het 'n noodkamer gehad, en ek het soontoe gegaan, so 'n mooi vrou as wat ek ooit gesien het, ek het rondgekyk na party van hulle in die dwangbuise, en sy het gesê: "Sal jy my eerste neem, Broer Branham?"

En ek het gedink: "Eerste neem? Jy's nie een van die—van die pasiënte nie," en, maar sy was.

En sy het my vertel van hoe sy gelewe het, ek het vir haar gesê, ek het gesê: "Jy wil dit nie doen nie, wil jy?"

Sy het gesê: “Nee, meneer, ek wil nie, iets dryf my om dit te doen.”

Ek het gesê: “Dit mag outyds lyk, maar dis ’n duiwel.”

56 En sy het gesê: “Ek het dit altyd geglo.” En God het die vrou verlos, sy’s getroud en het kinders vanaand. En sy was ’n dronklap, alkoholis, prostituut, o, jy nooit, so ’n verskriklike lewe. Maar dit net, hulle wil dit nie doen nie, maar iets dryf hulle om dit te doen, hulle wil dit nie doen nie.

57 Ek het afgegaan na die Bowery en daardie dronklappe opgetel, en gesê: “Wel, wat is jou naam?”

“Sal jy vir my ’n drankie koop?”

“Nee, ek sal nie vir jou ’n drankie koop nie, ek’s ’n prediker.”

58 En sê: “Staan op en kyk *hiernatoe*, en jy kan die bank sien waarvan ek president was.” Sien? Dis baiekeer die waarheid. Sien? Maar hulle—hulle wil dit nie doen nie, iets dryf hulle om dit te doen.

59 Ek het ’n vriend wat hier iewers sit, miskien vanaand, sy kom altyd, en almal van julle, amper, ken vir Rosella Griffith. Sy was een van die grootste alkoholiste wat Chicago gehad het, krotbuurte was niks teen Rosella nie. En sy het na die Hammond byeenkoms toe gekom, en daar het die Heilige Gees haar uitgeroep en haar alles daarvan vertel, en sy is verlos van daardie alkoholisme, en nou bearbei sy die tronke en dinge saam met ander alkoholiste.

60 Rosella, waar is jy, Sus? Is julle in die gebou vanaand? Ja, hier is sy, net *hier*, en ’n—’n—’n heilige van God, lieflike persoon, wat haar lewe gegee het en haarself oorgegee het aan Christus, en nou . . .

61 Toe ek haar op die platvorm sien kom het (Verskoon my, Suster Rosella.), het sy gelyk soos ’n verskriklike heks met oë soos ’n vlêrmuis, om haar te aanskou. O, julle het nog nooit ’n persoon gesien *wat so gelyk* het nie. En ek wil hê julle moet . . . Ek sê dit nie om te vlei nie, maar Rosella is, vanaand, ’n lieflike, pragtige, jong vrou, sy is vyftien jaar, lyk vyftien, twintig jaar jonger as wat sy werklik is. En sy—sy is ’n lieflike persoon wat, en nooit ’n slukkie alkohol gedrink nie, wanneer hospitaal na hospitaal, en dokter na dokter, Alkoholiste Anoniem van Chicago, almal van hulle het haar opgegee as ’n hopelose geval, en daar sit sy vanaand, na jare en jare.

> Onuitspreeklike genade! hoe soet die klank,
> Wat ’n ellendeling soos ek red!

Dis reg.

62 Alkoholiste, sien julle wat God kan doen? Kankergevalle, sien wat God kan doen? Kort bene, kreupeles, sien wat God kan doen? Hy’s God. Hy’s net betyds.

63 Nou, ons vind uit dat hierdie man in die verkeerde geselskap beland het.

64 En sondaar, jy hoor daardie mense skree, jy het daardie vrou daardeur sien afhardloop en hiernatoe begin kom met daardie—daardie yslike groot gewas, so vol heerlikheid dat sy nie kon beg-. . .nie eers iets kon sê nie en in tale begin praat het? Wel, sy was so gevul met die krag van God, wat daardie gewas uit haar weggeneem het, dit, wel, sy kon nie haar eie taal praat nie, sy het net God geprys. Sien?

65 Jy wonder wat hulle dit laat doen. Wel, kry jy dan net dieselfde ding, en kyk wat dit aan jou doen. Sien? Dit sal dieselfde ding wees. So Hy is reg op skedule, "Want die belofte kom julle kinders toe, en vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

Jy sê: "My pastoor, my kerk, glo dit nie." Wel, jy is, jy het in verkeerde geselskap beland, jy het in verkeerde geselskap beland, jy sien.

66 Dis wat Jósafat gedoen het, hy het in verkeerde geselskap beland. Hy het 'n klomp glans gekry, en Agab het hom al die glansryke goed gewys van die. . .

Ek reken Jósafat mag gesê het: "Glo jy nog steeds in Jeh-. . .?"

"O, wel, sekerlik, ons glo in Jehova, sekerlik, sekerlik."

"Goed," het hy gesê: "nou. . . "

67 Wanneer jy die wêreld jou iewers heen sien uitnooi, onthou, hulle het bybedoelings. Sien? En jong dame, jy hier wat uit 'n Christenhuis kom, wat nog nooit gerook of gedrink het nie, en daardie meisie probeer vir jou 'n sigaret gee, het sy bybedoelings. Daardie jong man jou wil uitneem om te dans, is daar 'n bybedoeling. Sien? Kyk maar net. Bly weg van daardie geselskap. Bly weg daarvan.

68 Maak nie saak hoe goed hulle blyk te wees nie: "Vermy die einste vorm van kwaad," het die Bybel gesê. Bly weg daarvan. Moenie kyk hoe—hoe naby jy daaraan kan kom sonder om te sondig nie, kyk hoe ver jy daarvan kan wegbly, dis wat jy moet doen. Moet nooit kyk hoe naby jy aan sonde kan gaan nie, kyk hoe ver jy kan wegbly.

69 Soos die Skot was wat oor die berg sou gaan, hulle het drie bestuurders daar gehad, een van hulle het gesê, hy het gesê: "Wel, daardie groot afgrond!" Hy het gesê: "Is dit die pad *daarbo*?"

Hy het gesê: "Dis die pad."

Gesê: "Wel, hoe breed is daardie pad?"

Hy het gesê: "Daardie pad is net tien duim breër as die wiele in, van die wa, op plekke."

Gesê: "Jy beter 'n goeie drywer kies."

Hy het gesê: “Ek moet teen die berg opgaan, daaroor gaan.”

70 Een man het gesê: “Ek kan my perde op ’n galop dryf, en met ’n, my sweep neem en my perde op ’n galop dryf, en binne twee duim van daardie rand af bly die heelpad om, sonder om te val.”

Die ander drywer het nadergestap en hy het gesê: “Ek kan binne drie duim van daardie rand bly, en in ’n volle galop omgaan.”

Die ander kêrel, wat net daar gestaan het, aan sy duime getrek het. Gesê: “Wat van jou, meneer?”

Gesê: “Meneer, ek mag in staat wees om dit te doen, maar ek wil nie daardie soort kans vat nie, ek bly net so ver van die rand af as wat jy wil.”

71 Hy het gesê: “Ek’s *jou* passasier.” Dis reg. En dis hoe dit is, nie kyk wat jy kan doen om daarmee weg te kom voor God nie, kyk hoe ver jy kan wegbly van sonde, en alle vorms, en ordes, en ongeloof, en wegbly van alles wat goddeloos is. Kom weg daarvan, bly weg daarvan.

72 En ek dink as ’n man al ooit oorkant in Land van Kanaän was en die goeie dinge van God gesproe het, hoef jy nie te bekommer oor hy of sy daaroor is nie, hulle sal wegbly daarvan, solank hulle al ooit daardie goeie druiwe van Kanaän geproe het.

73 Nou, Jósafat het gekom en Agab het hom al die glans van die koninkryk gewys, en nou, hy het bybedoelings gehad, en hy het gesê: “Weet jy dat Ramot-gilead aan ons behoort, daarbo? Toe Josua die lande verdeel het, jy is ’n getuie daarvan, ja, meneer, dat jy ’n getuie is dat *daardie* aan ons toegeken is, en die koning van Sirië het dit, en dit behoort aan ons.” Gesê: “Nou, is dit nie die waarheid nie?”

Hy het gesê: “Hmm, dis waar, beslis, dat ons almal Israeliete is.”

Hy het gesê: “Nou, sal jy jou leër laat aansluit by my leër? En ons altwee saam, ons sal soontoe gaan en hom daar wegjaag, want dis ons s’n.”

74 En, sien, hulle kan wys, die wêreld kan, die duiwel kan vir jou ’n paar baie goeie blink redes wys, en dit selfs afbring in die Skrif, um-hum.

“Ja,” sê: “wel nou, ons is almal regverdig, ons is almal kinders van God. Alle mense is seuns van God.”

O, nee! Nee, nee, nee.

“Ons glo almal dieselfde goed.”

O, ons glo nie. Nee, meneer, ons glo beslis nie.

75 En so, hulle, julle weet, Judas is vertel, gesê, beveel om ernstig te stry vir *die* geloof, nie *’n* geloof nie, *die* geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges. Dis reg. Nie stry vir *’n* geloof nie, *die* geloof wat eenmaal oorgelewer is. En wanneer jy

daardie geloof het, het Jesus gesê, sal hierdie tekens hulle volg wat daardie geloof het. So *daardie*, dan weet jy waar jy staan, sien, en dan weet jy watter soort lewe jy sou lei.

76 So Jósafat het gesê: "Wel, sekerlik, ons is tog dieselfde mense," gesê: "my strydwaens is julle strydwaens, en—en my perde is julle perde, en—en my soldate is julle soldate, wel, sekerlik, ons is almal bymekaar." Gesê: "Hoekom kan ons nie net soontoe gaan," [Broer Branham hoes—Red.] (Verskoon my.) "en ons hulle nie net wegjaag nie?"

77 Maar gesê, en toe het hy omgedraai, hy moes gedink het: "Wel, wag 'n bietjie, ons het nie die Here hieroor gevra nie." Sien, 'n ware gelowige, voor hy enigiets doen, maak nie saak wat nie, hoe goed dit lyk nie, sal hy God altyd eers raadpleeg. Amen. Ja, meneer.

78 Julle weet, ek het gesien, baiekeer kom mense na my toe en sê: "O, Broer Branham, as jy hiernatoe sal kom, sal ons soveel borgskap kry, ons sal *soveel* doen, ons sal waarborg daar sal nooit 'n pennie onbetaald gelaat word nie, en ons sal—ons sal jou *soveel* gee elke aand." Baie blink, maar julle weet, ape spring vir goed wat blink, so laat ons net wag. Klatergoud blink meer as die egte goud.

79 Julle weet, nou die aand het ek gesê dat Christus 'n—'n gloed is, nie 'n skynsel nie. Ons sal nooit in staat wees om die wêreld te bekeer deur ons kerke te probeer blinkvryf, en hulle groter te maak, en ons predikers slimmer te maak met beter geleerdheid nie, hulle—hulle het alreeds al daardie goed. Hulle het allerhande soorte sielkunde en balspeletjies en alles, die wêreld het dit. Maar ons het Iets wat hulle nie het nie, dis Christus. Sien? Probeer, bly net op julle eie gebied. Ons het Christus, hulle het nie Christus nie, hulle het al die sielkunde. Of moenie probeer om net so slim soos hulle te wees nie, julle kan dit nie doen nie, hulle—hulle doen dit nie, hulle kan julle oortref.

80 Gaan julle eenkeer na 'n Katolieke priester toe, probeer slimmer as hy wees. Hy het seshonderd boeke, net so heilig soos hierdie Bybel, wat hy moet leer. So, broer, moet nooit so slim soos hy probeer wees nie, dit sal ek vir jou sê. Maar as jy net by die Heilige Gees sal bly, sal Dit die res daarvan doen, sien, bly jy net Daarby. Sien? Maar ons is nie veronderstel om net so slim te probeer wees nie, ons is veronderstel om Christus te hê, Dit is wat ons het, ons het Iets wat hulle nie het nie.

81 So jy behoort altyd die Here te raadpleeg voor jy enigiets doen. En wanneer jy sê jy gaan 'n sekere ding doen: "*As* dit die wil van die Here is," moet jy sê: "as dit die wil van die Here is." Die Bybel sê dit vir ons.

82 Jósafat het sy goeie onderrigting onthou wat sy vader hom gegee het. Hy het gesê: "Dink jy nie ons moet die Here raadpleeg nie?"

83 Ek kan my voorstel dat Biskop Agab sê: "O, o, wel, wel, sekerlik, ja, meneer, ek—ek—ek glo ons behoort dit te doen. Wel nou, ek het net die groep reg hieronder, want ek het 'n—ek het 'n hele skool van predikers hieronder, profete." Nou, onthou hulle was profete. "Ek het 'n hele skool van hulle hieronder."

"Goed. Watter soort profete is hulle?"

"Jehova se profete; ons het hulle net hier. En, wel, ek sal hulle gaan haal."

"Goed, dit sal goed wees."

84 So almal van hulle het gekom, en Hiskia en almal van hulle, die, hy was die hoof van, onder hulle, die hoofbiskop. So toe hulle almal gekom het voor die konings, en hulle gesit het met hulle koninklike klere aan, julle weet, om te maak, buite in 'n soort van 'n afgesonderde plek by die poort, en die profete het gekom het, vierhonderd van hulle, dink, vierhonderd studente, nie studente nie, hulle was ge-ordende biskoppe, groot kêrels, hulle het gesê: "Ons het gebid, ons het gevas, ons het die wil van die Here, SO SPREEK DIE HERE GOD JEHOVAH: 'Trek op en neem dit oor,' want dit behoort aan ons, en dis ons s'n, en ons het tereg 'n reg daarop. Laat ons dit gaan haal."

Hulle sê: "Laat ons dit nou uitvind. Nou, verstandelik, is dit reg. Dit is vir ons gegee, um-hum, dis reg."

85 En nou daardie profete: "Laat ons nou sien, in ons sielkunde, ons gedagtes, ons psigiese verstand, behoort dit aan ons, God het dit vir ons gegee, dit behoort aan ons, 'n heidense volk besit dit."

"Sien my profete? Hulle sê elkeen: 'Trek op en kry dit.'"

86 En, julle weet, 'n man wat ooit kontak gehad het met God, hy—hy kan soort van sê of dit van God is of nie. Julle weet, Jósafat het soort van, bietjie snaaks gevoel, hy het gesê: "Uh, uh, uh, het jy nie nog een nie?"

87 Hy het gesê: "Nog een? Wel, daar is vierhonderd van die hoogsgeleerde, hoogsopgeleide, besgeklede, en, wel, daar in die land, in die wêreld is! As vierhonderd met een stem sê: 'Gaan,' waarom vra jy vir nog een?"

Maar daar was 'n snaakse gevoel daaronder, julle weet, daar was iets verkeerd.

88 So hoe, julle sien nou, wanneer julle gaan dink dat—dat as ons almal bymekaar kom in eenheid, wel, daar krag is, maar dit mag nie die regte soort krag wees nie. Sien? Waar daar eenheid is, is daar krag, waar daar ooreenstemming is. Dis reg, as daar ooreengekom is oor die regte ding, ja, sal ons daarmee saamgaan, maar laat dit eers teruggaan na die Woord van God. Sien? En so het hulle gesê . . .

89 Dis hoe ons eerste organisasie ooit gevorm is, ons beroemde Katolieke kerk. Dis waar hulle sê, in 'n organisasie: "Die Nicaea

Raad daar, dink julle nie daar by Nicaea dat hulle behoort te weet, toe almal, en hulle die res van hulle uitgestem en dit ingestem het nie?" Nie, het dit steeds nie reg gemaak nie. Nee, meneer.

90 En dis reg wanneer God sê dis reg, en dis nie reg totdat Hy sê dis reg nie. Dis presies. Maak nie saak hoe groot dit is en hoeveel dit verduur het nie.

91 'n Priester het vir my gesê, nie lank gelede nie, gesê: "Wel, Broer Branham," of: "Mnr. Branham," hy het my nie "Broer Branham" genoem nie, hy het gesê: "Mnr. Branham, dit bewys vir jou die Katolieke kerk is reg," gesê: "kyk na die storms wat dit verduur het, regdeur die eeue, soos daardie." My mense was voorheen Katoliek, julle weet, so, as 'n Ier. So hulle sê: "Regdeur," gesê: "kyk wat het die Katolieke kerk verduur, al die vervolgings, tot nou."

92 Ek het gesê: "Dis geen geheim, die hele staat en al die res wat dit ondersteun het nie. Maar wat van die Pinkster, met alles wat daarteen is, dit steeds oorleef?" Amen, dis reg, alles wat daarteen is, sekerlik. Alles *vir* die Katolieke kerk, sekerlik, sou dit so kon oorleef. Maar wat van alles wat daarteen is, en hulle vermoor, en hulle doodmaak, en al die res? Hoe het dit oorleef? En hier is sy vandag, wat skyn soos 'n dollar, amen, soos die sterre van die hemel, en vir altyd sal.

93 Nou, let op, hierdie Jósafat, hy het gesê: "Daar's 'n ietsie verkeerd," onder in sy hart het hy gevoel daar's iets verkeerd. Gesê: "Maar het jy nie net nog een profeet iewers nie?"

Gesê: "Ja, ek het een. Dis Miga daarbuite, hy's die seun van Jimla, maar," gesê: "ek haat hom."

O-o! Hy het net toe geweet hy was op die regte pad, hy het gesê: "O, moenie dat die koning dit sê nie. Gaan haal hom."

94 "Wel, waarom sou ons nog een nodig hê, wanneer die hele— wanneer die hele organisasie sê dis reg?" Dit maak dit steeds nie reg nie, geensins nie, geensins nie, nee.

Hy het gesê: "Nee, ek moet steeds hierdie ander profeet sien." So hy het gesê: "wat het jy gesê was sy naam?"

Gesê: "Miga, hy's die seun van Jimla."

95 Gesê: "Wel, gaan haal hom, laat—laat ons hoor wat hy daarvan sal sê," want daar was een of ander klein, snaakse gevoel wat nie saamgestem het met die Woord, iewers nie.

96 So hulle het gegaan. Agab het vir hom 'n soldaat laat aantrek en soontoe gestuur, en Jimla daarbuite iewers gevind, of, nie Jimla nie, liewer, ek bedoel Miga, die seun van Jimla, hy was daar iewers in die oerwoud iewers in 'n hutjie, hy het gesê: "Nou, Miga. Is jy die profeet Miga?"

Hy het gesê: "Ek is."

Gesê: "Het jy geweet jy gaan vereer word?"

"O, ek gaan?" Asof God nie alreeds met hom gepraat het nie, julle weet. So hy het gesê: "Ek gaan?"

97 "Ja, ja, jy gaan oorgenooi word na 'n—'n geestelike vereniging wat saam gaan vergader, en hulle het almal daaronder by die koning ontmoet, en jy gaan na die Wit Huis toe. Ek sê jou, Miga, jy sou nie gedink het jy sou ooit 'n eer soos daardie kry nie, maar jy het dit regtig gekry, 'n klein, ongeletterde kêreltjie soos jy wat hieragter sit, maar hulle wil jou na die, voor die koning bring. En hulle—hulle, die, luister nou, weet jy waar die groot skool van die profete is, die groot universele organisasie van predikersvereniging?"

"Ja," gesê: "Uh-huh, ek ken hulle almal, ja, weet van hulle, daaronder."

"Wel, jy weet, jy ken beslis vir Hiskia daar, die groot, hoofprofeet van hulle almal?"

"Ja, ek het van hom gehoor, ja, groot man, sê hulle."

"Ja, hy is, en hulle sê hy het 'n L.L., Ph., D.D.D., Q.U.S., al hierdie goed, jy weet."

"Ja, ek weet wat jy bedoel."

98 "Wel, hy saam met, almal van hulle, het eenparig gekom en oor 'n ding gebid, hulle het gevas en gebid, en hy het vir hom twee yslike groot ysterhorings gemaak, hy's seker, het die Woord van die Here." So hy het gesê: "Hy het opgekom voor die koning, en hierdie groot horings geneem, en gesê: 'Hiermee gaan julle die Siriërs reg van God se grond afstoot, en ons gaan God se besitting in besit neem. Amen.'"

99 Dis wat ons gedink het in ons organisasies, ons sou alles terugstoot en hulle almal Eenheid maak, ons sou hulle almal Drie-eenheid maak, ons sou hulle almal Gemeentes van God maak, ons sou hulle almal Baptis, of Metodis maak, maar ons ysterhorings werk nie. Dis reg, dis reg. Jy doen dit nie so nie, jy stoot hulle nie rond nie, nee, "Jy gaan dit terugstoot en oorneem, die ding in besit neem."

100 Ons organisasiestelsel is goed solank jy nie die ander kêrel uitsny nie, maar wanneer jy die volgende broer uitsny, is jy verkeerd. So dis wat hulle gedoen het, dis wat organisasie, die einste agtergrond daarvan is, is om die ander kêrel uit te sny.

101 So toe, vind ons uit, toe, dat hy gesê het: "Wel, as daardie hele predikersvereniging sê," gesê: "nou, ek gaan jou sê, ek het 'n woord van daardie hoofprofeet, hy het gesê, jy sê dieselfde ding wat hy gesê het. As jy dit doen, kom soontoe, ons sal jou in die vereniging inneem, ons sal jou net een van ons maak, ja, ons sal—ons sal jou sê, ons sal jou net laat aansluit by ons groepe, as jy net—net dieselfde ding sal sê wat hy sê."

102 Maar, broer, hy het dit vir die verkeerde man gesê, Miga het gesê: "Ek sal net sê wat God sê, en dis al." Amen, ek hou daarvan, ja, meneer: "Ek sal net sê wat God sê."

So hulle het uiteindelik daar gekom en voor die koning gekom.

En Miga het die nag voor die Here geneem, om te sien wat Hy sou sê.

103 So hulle het uitgestap voor die koning, en hier het die—die hele skool van die profete daar gestaan, en hulle het almal daar gestaan en profeteer. Nou, onthou, hulle was nie heidenprofete nie, hulle het bely om Jehova se profete te wees. Maar kyk nou net.

So hulle het uitgevind dat nadat hulle gesê het al die, almal van hulle geprofeteer, gesê het: "Ja, die Here sê steeds trek op, Hy's met julle, neem die stad in."

Miga het rondgekyk, gesê: "Gaan voort, neem die stad in."

Agab het geweet daar was ietsie verkeerd daarmee, hy het gesê: "Hoe dikwels moet ek jou besweer?"

Hy het gesê: "Sekerlik, trek op, neem die stad in, maar," het hy gesê: "Ek het gesien—het gesien hoe Israel verstrooi lê soos skape op die heuwel, sonder 'n herder." Sien?

104 Agab, wie se regverdige verontwaardiging aangewakker is, hy het gesê: "Wat het ek vir jou gesê? Hy sou onheil profeteer, al waarvan hy praat, ons vroue veroordeel vir kortbroek dra," en met hom daar, "al hierdie dinge wat hy vir ons vertel van al ons. . .Ek het geweet hy gaan altyd iets boos van my sê, so seker as wat hy daarbo kom, dis wat hy gaan sê." Wat anders kon hy sê?

Hy het gesê: "Ek het die skape van Israel verstrooi sien lê op 'n heuwel, soos 'n skaap wat geen herder het nie." En—en o, goeiste, hy het geweet dit beteken sy dood.

En hy het gesê, o, hy was ontsteld daaroor, want hy—hy het gesê: "Ek het jou gesê hy sou onheil profeteer."

105 Wel, hoe kon hy enigiets anders doen? Omdat hy sy visioen getoets het met die Woord van God, en hy geweet het dat die Woord van God gesê het aan—vir Agab deur Elía, wat regtig die profeet van God was, dat die honde die bloed van ou Agab in die veld sou oplek, of, op die strydwa, dat die honde Agab se bloed sou oplek. En God was teen Agab, en hoe kon hierdie man van God seën wat God vervloek het?

106 Hoe hy, hoe kan 'n prediker op die preekstoel staan en die mense vertel, dinge wat hulle doen, en hulle laat wegkom sonder om enigiets daaroor te sê? Dis meer as wat ek kan sê.

107 Julle weet, in China, is hulle groot god daaronder 'n antieke filosoof wat hulle Confucius noem. Confucius is die *woord* in China. In Amerika is dit *confusion*, in plaas van *Confucius*.

108 O, dit was altyd dat jy 'n foto kry . . . Ek het 'n tyd gelede na 'n plek toe gegaan om te eet, iemand het my gevra, en dit het vir my gelyk asof my seuntjie, Joseph, iewers in 'n verfemmer ingekom het van allerhande soorte verf en die muur heeltemal bemors het. Ek het gesê: "'n Mooi plek soos hierdie met 'n vuil, gevlekte ding soos daardie wat teen die muur hang?"

"O," ek het die kelnerin gevra, sy het gesê: "wel dit, jy, dis op verfdoek."

Ek het gesê: "Dit lyk beslis so, êrens onder die verf was wat onder 'n leer afgedrup het waar hulle een of ander soort versiering gemaak het."

109 Sy het gesê: "O," het sy gesê: "meneer, dis deur *So-en-so* en *So-en-so*." Wel, dit het glad nie eens soos 'n skildery gelyk nie. En sy het gesê, ek vergeet hoeveel, honderde dollars daardie skildery gekos het, teen daardie muur.

110 "Wel," het ek gesê: "as dit ek was, sou ek soveel gegee het om dit daar af te kry," het ek gesê: "want dit sou my doodbang maak, dit lyk so sieklik."

111 Julle weet, dit was altyd dat swart swart was en dat wit wit was, jy dit meng, kry jy grys. So dis net hoe dit is, hulle is so vermeng, waar is die skeidslyn tussen reg en verkeerd? Metodiste reg is, wat van Baptiste? As Presbiteriaan reg is, wat van Pinkster? Daar's 'n Skeidslyn iewers, en daardie Skeidslyn is God se Woord, dis die Woord, God se Skeidslyn is Sy Woord, "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne, die Waarheid."

112 So hoe kan ons seën wat God vervloek het? Hoe kan julle die mans twee of drie keer laat trou en diakens in julle kerke laat wees? Hoe kan julle die vroue laat kort hare dra, en kortbroeke, en hulself onsedelik aantrek, opkom op die platvorm, en die klavier speel, en uitgaan in die strate en rondloop soos daardie, en nie iets daaroor sê nie? Jy kan dit nie stop nie, maar jy kan 'n woord daarteen gee. Reg. En vyf-en-negentig persent van hulle rook sigarette, en gaan te kere, en drink bier.

113 Ek was in 'n—'n kollege nie lank gelede nie, en op die kampusterrein het jong dames rondgeloop, kortbroek aan en bierblikke wat oral lê, en predikers wat lag, wat die Evangelie bespot. Wel, hoe kan jy die volgende geslag verwag . . .? Wat gaan hulle wees? Waar is die skeidslyn?

114 Ek het altyd 'n ou Metodiste vriend gehad, Dr. Spurgeon, hy het altyd 'n lied gesing:

> Ons het die standaarde laat sak,
> Ons het sonde toegelaat.

Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
Maar hoe het die bokke ingekom?

115 Is wanneer jy die standaarde laat sak het, dis wat dit gedoen het. Weggevoer met een of ander fantastiese idee van een of ander jong niksnuts daar oorkant in die kollege wat meer daarvan geweet het as—as wat God Self het, en jy begin 'n doktrine oor so-iets. Kom terug na die Woord!

Maak nie saak nie, sê jy: "Wel dis, dit—dit—dit sê *hierdie*, dit doen *hierdie*."

116 Dit moet God se Woord wees die heelpad deur, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, nie 'n dooie god nie, 'n lewende God, nie een wat die siekes destyds daar genees het nie, een wat nou die siekes genees. Wat help dit om van 'n oeroue God te praat, as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Sekerlik.

117 Nou, jy kan nie warm word van 'n geverfde vuur, so-iets wat jy sê: "Dit *was* eens op 'n tyd," nie. Ons moet *nou* iets hê, en daardie selfde God lewe nog, en Hy genees nog, Hy red nog, Hy gee nog die Heilige Gees, en Hy, en dis dieselfde Jesus Christus, gister, vandag, en tot in ewigheid.

118 Nou, so sien, Miga het—het sy geloof eers op sy visioen gebaseer, en toe het hy sy visioen geneem en dit vergelyk met die Woord van God, toe het hy geweet hy was reg.

119 En nou, dis hoe ons dit behoort te doen. As ons—as ons teologie die Woord van God sal neem, en ons, die dinge wat ons doen, en dit pas deur die Bybel, heeltemal by die Bybel, is dit alles reg, dan as jy dit doen, gaan jy reg wees, maar as dit nie is nie, los dit uit, God sal net seën wat Hy gesê het Hy sou doen.

120 Nou, ons vind uit dat Agab 'n vervloekte persoon was, want die profeet, en hy het gesê: "Ek was, laaste in my visioen," het hy gesê, toe hy 'n visioen gesien het, het hy God op die troon sien sit, en gesê die leërskare van die Hemel het aan Sy regterkant en aan Sy linkerkant gestaan, en hulle moes 'n raadsvergadering gehou het, en Hy het gesê: "Wie kan ons kry om soontoe te gaan en Agab te mislei," nou, onthou: "Agab mislei, en hom daar uitbring in daardie veld, sodat hy doodgemaak kan word, om die Woord van Elía te vervul?" Glorie! Halleluja! Hoe God agter Sy Woord sal staan!

121 Dit was 'n profeet wat dit gesê het, maar Jesus het gesê: "As jy vir hierdie berg sê: 'word verskuif,' en nie twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, jy kan kry wat jy gesê het," wanneer jy weet Dis die Woord van die Here wat spreek.

122 Dis waarom ek vir daardie vrou kon sê, wat die groot gewas gehad het, vir die dame met die kanker hier vanaand, die verskillendes, want eers, is dit 'n visioen, dit vergelyk met die Woord, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Daar's

die visioen, dan gebeur dit, dis SO SPREEK DIE HERE, en dit moet gebeur. Niks kan dit stop nie. Sien?

123 Nou, dit was 'n lang tyd na Elía hierdie profesie gemaak het. Hy was al lank in die Hemel. Maar hy sou, hy het hierdie profesie gemaak, en hy het geweet dit sou gebeur. En dan het Miga geweet dat Elía 'n man van God was, en hier was God bo in die Hemel wat raad Daarbo gehou het, hoe om die Woord van Elía te laat gebeur.

124 En as jy die Woord van die Here *het*, en die Woord van die Here sal *spreek*, en nie die Woord van die Here *betwyfel* nie, sal God 'n raadsvergadering hou om jou Woord te laat gebeur, want dis nie jou woord nie, dis Sy Woord. Dis Sy Woord, as dit SO SPREEK DIE HERE is, as dit waarlik SO SPREEK DIE HERE is.

125 Kyk, nou, hulle het die raad gehou. En so het een gees opgekom, moes van die laer dele af gekom het, wat sonder twyfel neergebuig, en gesê het: "God, ek sal—ek sal, ek—ek weet hoe ons dit sal doen."

"So, wat's jou plan?"

126 Gesê: "Ek sal afgaan, en in al daardie predikers ingaan, en hulle 'n leuen laat profeteer, want hulle ken in elk geval nie die Skrif nie," so hy het gesê: "ek sal afgaan en hulle 'n leuen laat profeteer. En daardeur sal ons hom oprig, en hom daar uitkry, en dan kan U hom daar laat doodmaak om Elía se Woord te vervul."

So, Hy het gesê: "Jy sal, jy is, jy sal hom oorreed."

127 En so toe hy dit gesê het, nou kan julle julle voorstel hoe daardie biskop gedink het toe daardie klein, twee-by-vier prediker, wat daarbo gestaan het, 'n woord soos daardie gesê het, hy het reguit nadergestap en hom reg op die mond geslaan, en hy het gesê: "Watter kant toe het die Gees van God gegaan toe Dit my verlaat het?"

Hy het gesê: "Jy sal sien, eendag, wat daar in 'n hok gesit het," gesê.

128 Elía—Elía het dit geprofeteer, en Miga se visioen het ooreengestem met die Woord van God.

129 Nou, as jou geloof sê . . . Nou, hoeveel glo dat daar so-iets soos Goddelike genesing deur Christus is? Steek jou hand op. Goed. Hoeveel glo dat jy vanaand genees kan word? Steek jou hand op. Wel, daar—daar is jou—jou openbaring wat ooreenstem met die Woord van God, dan moet dit gebeur. Amen. Hy—Hy moet dit doen, as jy dit regtig glo. Moenie nou net maak of jy dit glo nie, jy kan hom nie bluf nie, Satan sal nie gebluf word nie, maar jy moet dit hê.

130 Tien dae nadat Jesus die dissipels mag gegee het om duiwels uit te dryf, vind ons hulle daar wat verslaan is met 'n epileptiese geval. En ek kan my voorstel een van hulle, Andréas, wat sê:

"Nou, hier is hoe ek dit gedoen het onder by Filippi, hier is dit: Kom daar uit, duiwel! Kom daar uit, duiwel!" Nee, hy wou nie uitkom nie.

131 Petrus het gesê: "Julle weet nie hoe julle dit doen nie, hier is die manier wat ons dit gedoen het by Kapernaum, laat ek julle wys hoe julle dit doen: Kry hom beet soos *hierdie*, sê: 'Weet jy wie ek is? Ek is Simon Petrus! Kom daar uit!'" Duiwel het net aangehou.

132 So naderhand het die vader opgekyk, en hier het Jesus gekom, afgestap gekom, gesê: "Here, ek het my kind na U diensknegte gebring en hulle kon hom glad nie help nie."

Gesê, Jesus het gesê: "Ek kan, as jy glo."

Hy het gesê: "Ek, Here, help my ongeloof," gesê: "ek glo."

133 Toe Jesus nadergestap het, is dit al wat Hy moes doen, die duiwel het geweet dat daar Iets anders as net 'n man was wat soontoe geloop het, toe. Sien?

134 So toe, nou nadat dit alles verby was, het die duiwel die kind verlaat, en nadat dit verby was, toe het die dissipels Jesus eenkant toe geroep en gesê: "Nou, waarom kon ons dit nie doen nie? Het U die krag van ons af weggeneem?"

Hy het gesê: "Nee."

135 Ek kan julle wys waar Hy krag gegee het, maar ek kan julle nie wys waar Hy dit weggeneem het nie, dis steeds daar, julle is net bang om dit te gebruik. Sien?

Gesê: "Ja, maar, waarom kon ons nie—waarom kon ons hom nie uitdryf nie?"

136 Jesus het gesê, nou, het nie gesê: "Omdat Ek die krag teruggeneem het nie." Hy het gesê: "As gevolg van julle ongeloof." Dis reg. Sien? Dis reg, omdat julle dit nie glo nie."

137 Nou, Miga kon nie geloof gehad het tensy sy visioen sou ooreenstem met die Woord van God nie. Dis hoe, in, toe ek gepraat het van Abraham en sy Saad na hom, die enigste manier wat ek geloof het met daardie visioen van my, daaroor, dat dit presies die Woord van God is. En dan, het jy geloof: "Ek weet dis *so*."

138 Wanneer God so sê, en Hy het dit belowe deur Sy Woord, en jy lewe in hierdie dag, loop Hy op skedule. Ja, meneer. Daar is niks wat dit gaan stop nie, dit gaan reguit aan. En dis waarom ek glo, vanaand, dat ons in die skaduwees van die tyd lewe net. . .

139 'n Prediker hier nou die dag, die seun is nie hier vanaand nie, hy's 'n Baptis en het allerhande soorte grade gekry, en hulle, sy kerk, het hom uitgegooi, en sy mense het hom gestuur na die inrigting vir kranksinniges, vir hom en sy vrou. Hy was gisteraand hier. [Leë kol op band—Red.] Ek stem presies saam met die broer.

140 En wat dit doen, dit kom nooit na die yslike groot kerklike nie, dit beweeg reguit af, soos Jesus het, soos die profete het, soos die res van, altyd reguit aan, dis die arme mense, en gebeur, dis weg, en hulle sê: "Wel, wat het gebeur? Ek—ek het dit nie geweet nie." Sekerlik. Hy openbaar dit aan hulle wat na Hom soek, hulle wat sal stilsit en 'n oomblik daarna luister, en jou eie gedagtes uitskeur, en vergelyk waarna jy luister met die Woord van God.

141 Nou, as Agab sou gaan sit het vir 'n oomblik, of as daardie hoëpriester, of enige van daardie profete, sou gaan sit en vergelyk het, nie wat reg gelyk het nie, dit het gelyk of dit aan Israel behoort het, maar dit is nie hoe dit lyk nie, dis wat God daarvan gesê het, sien. As hulle sou gaan sit en dit vergelyk het!

142 Dit lyk asof ons behoort te neem en ons skole en ons—ons kerke so *hoog* te hê, ge-Ph.D. en LL.D., en ons behoort die grootste, beste geboue in die wêreld te hê, en ons behoort al hierdie—hierdie lees, skryf, en rekenkunde te doen. Maar dit is nie wat God gesê het nie, Hy het nooit gesê gaan leer die mense nie. Dis alles reg. Ek verdedig nie nou my onkunde deur opvoe-. . . of—of dit as 'n kruk te gebruik nie. Maar kyk, ek sê dit: Geleerdheid is goed, maar dit sal nooit die plek van verlossing inneem nie. Sien?

143 O, balspeletjies, en—en baljaar, ensovoorts, dis alles in die haak, maar dit hoort nie in die kerk nie. In die kerk wil ons vir Christus hê, nie 'n vorm van Christus, of 'n prentjie van Christus, of 'n dooie Christus, of 'n graf van Christus nie, ons wil 'n *herrese* Christus hê, Wat lewendig is by ons, Homself bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Dis wat die Kerk wil hê, wat hulle behoort te wil hê, hang af van wat die aptyt is, sien, en of hulle dit sal ontvang of nie.

144 Nou, hy het sy visioen toe vergelyk, met wat die Woord van God gesê het: en hy het net daar voor die twee nasies gestaan en vir hulle gesê: hy het gesê: "Jy kom nie terug nie, jy gaan sterf op die gronde."

145 En weet julle wat Agab gesê het? Gesê: "Neem hierdie kêrel terug, en sê vir die burgemeester van die stad om hom in die tronk te sit, en hom te voer met brood van droefheid en met waters van smart, en wanneer Ek in vrede terugkeer," gesê: "sal ek—ek—ek vir hom sorg wanneer ek terugkom.

146 Weet julle wat Miga gesê het? Hy het omgedraai, na hom gekyk, gesê: "En as jy hoegenaamd terugkom, het die Here nie met my gepraat nie." O, hy het geweet waar hy staan. Dis hoe enigiemand sou.

147 Dis wat daardie dametjie gedoen het met haar babatjie, toe sy so *seker* was as ek daarvoor sou bid! Dis wat die dame met die groot gewas daaragter, wat daaragter lê! Maak nie saak wat sy moes doen, deurploeg, deur die dak of êrens gekom het nie, net solank sy daar kon kom, dis al wat sy wou hê, want dit was

haar geloof, dit het ooreengestem met die Woord van God, en sy het geweet dat Jesus Christus steeds gelewe het, daarom het sy geloof gehad, en dit het gebeur.

148 Nou, nou vind ons dat—dat Mi-. . . dat alles wat Miga gesê het, of, Miga gesê het, net presies vervul is. En elke profeet af deur die eeu (Nou sluit ons af.), af deur die eeu, wat ooit enigiets met God gedoen het, het God se Woord geneem as uitgangspunt. Nou, hulle het nie van die Woord af beweeg nie, maak nie saak hoe die omstandighede gelyk het nie, hulle het nie van die Woord af beweeg nie.

149 Noag, God het vir Noag gesê dit gaan reën, Noag het nooit daarvan wegbeweeg nie, hy het net daarby gebly, maak nie saak nie, miskien wetenskap, wat hulle toe groter gehad het as wat hulle nou het, sodat hulle goed kon bou en dinge toe kon doen, wat ons nie nou kan doen nie, in—in—in die wetenskap van hierdie wêreld, hulle het piramides en die Sfinks gebou, ensovoorts, wat ons nie so-iets kon maak nie.

Maar hy het gesê: "Waar kom daardie reën vandaan?"

150 Noag kon hulle dit nie sê nie, hy kon nie hulle vraag beantwoord nie, maar hy het geweet God het met hom gepraat, so hy het reg by die Woord gebly, hy het gesê: "God het so gesê." Sien?

151 Abraham kon nie sê, toe hy 'n honderd jaar oud was, hoe hy 'n baba by Sara sou hê, en sy wat negentig was nie.

152 "Hoe gaan jy. . .? Hoe. . .? Bewys dit vir my. Hier, sy—sy's oud, haar skoot is opgedroog en gedaan. Wel, julle twee het nie eens 'n familieverhouding vir twintig jaar gehad nie, en hier is jy, wat sê jy gaan 'n baba hê. Hoe gaan jy dit doen?"

"Ek weet nie."

"Wel, hoe weet jy jy gaan dit kry?"

153 "God het so gesê." Nou, dit handel dit af. Bly reg by die Woord. Alle ware profete bly by die Woord. Partymaal bring Dit hulle in die moeilikheid, omtrent die heeltyd, wel, maar Dit—maar Dit—Dis altyd die waarheid.

154 Die Hebreeuse kinders het gesê: "Ons God is in staat om ons te verlos uit daardie vuuroond, maar ons gaan nie voor enigiets anders buig nie, dis een ding, wat seker is, ons sal liewer brand as om dit terug te trek." So dit het hulle 'n paar ure van gebed gekos een aand, en onder in die vuuroond die volgende oggend, maar hulle het 'n gesprek gehad met die Een soos die Seun van God wat daarbinne gestaan het. Sien? Maar hulle het by die Woord gebly.

155 Daniël het gesê: "Ek gee nie om hoeveel uitvaardigings jy maak nie, ek het 'n gewoonte om na die venster toe te gaan en dit op te lig na die ooste en tot my God te bid." Dit het hom 'n nag in

die leeukuil gekos, maar hy het by die Woord gebly, dis reg, hy—hy het uitgekom. God sorg altyd vir Sy Woord. Ja.

156 Dawid, toe hy daarbo was die keer, voor Saul, daardie groot ou Goliat daar hoor uitkom en sê het: "Dae van wonderwerke is verby. Daar's nie so-iets nie." Sien? Ag, nee, dit was die 1961 weergawe daarvan, verskoon my, ek sal teruggaan. Hy het gesê: "Kom van julle en veg teen my," julle sien. So hy het gesê . . .

157 En Saul, kop en skouers bo sy leër, en daarbo, en hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek sal jou sê, dis 'n slegte ding, daardie man, seun, hy sal . . . kyk wat hy sou weeg, en hy het 'n . . . wel, sy vingers is veertien duim lank." Gesê: "Wel, wat . . . ?" Dis wat die Bybel sê. En hy het 'n—'n spies gehad soos 'n wewersnaald, wat waarskynlik oor *daardie* kamer gestrek het. En hy het gesê: "Wel, wie kan ooit opgaan en teen so 'n kêrel veg?"

158 En hier kom 'n klein ou . . . En die hele leër het teruggetree, Israeliete, julle weet, veronderstel om Godsvresende manne te wees, teruggetree, gesê: "O, goeiste! O, ons kan dit nie doen nie, goeiste, niemand kan daardie kêrel aandurf nie."

159 Hy het gesê: "Ek sê julle wat ek sal doen, dit is nie nodig om soveel bloed te vergiet nie," gesê: "net een van julle kom, veg teen my, en wie ook al, as jy my doodmaak, dan sal ons leërs, ons julle dien." Sien, dis hoe die duiwel daarvan hou om te spog wanneer hy dink hy het die oorhand oor jou. Sien?

160 So eendag het hy dit een keer te veel gesê, daar het 'n ou klein kêreltjie daar gestaan, soort van, miskien met hang-skouers, ou klein kindjie, skaapvel om hom gedraai soos *daardie*, en 'n slingervel in sy hand.

161 En Goliat het uitgekom en hy het gesê: "Julle almal daar oorkant wat aanspraak maak om Christene te wees, julle weet, *so-en-so-en-so*, wel, kom en laat ons dit sien," het hy gesê, sien.

Dawid het gesê: "Wil julle vir my sê dat julle daar sal staan en daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God laat uitdaag?"

162 En sy broer het gesê: "Nou, jy raak stout, ek gaan vir Pa sê van jou, wanneer jy huis toe gaan, sien, dis al wat ek gaan doen, nou, jy probeer afwys."

Gesê: "Ek probeer nie afwys nie, maar daar is 'n krisis op hande," gesê: "daar's iets op hande, dat daardie man die leërs van die lewende God uitdaag."

163 So hulle het hom na Saul toe geneem, en ek stel my Saul voor wat sê: "Ek bewonder jou moed, seun, maar," gesê: "o, goeiste," gesê: "wel, jy's niks anders as 'n kind nie, en hy was 'n—hy was 'n soldaat van sy kindsbeen af. Jy weet nie hoe om geen swaard of niks te gebruik nie."

164 Hy het gesê: "Maar ek, kyk," het hy gesê: "ek het 'n ondervinding gehad wat ek eenkeer gehad het, 'n leeu het

ingekom," gesê: "Ek pas skape op, en 'n leeu het ingekom, een van my vader se skape gevang, en ek—ek—ek—ek het hom doodgemaak." En gesê: "Toe het daar 'n beer ingekom en een gevang, ek het hom doodgemaak." En gesê: "Hoeveel te meer sal God dan daardie onbesnede Filistyn gee!" Sien? Gesê: "'n—'n Leeu het een van my vader se skape gevang en weggehardloop," en gesê: "toe, toe hy het, het ek agter daardie skaap aangegaan en hom teruggebring." Ek hou van daardie moed, nie waar nie?

165 Weet julle wat? Daar's baie van julle skape daarbuite, daar nie 'n leeu nie, maar 'n kanker, of 'n gewas, of een of ander duiwel het jou gegryp en uitgehardloop. Ons kom vanaand, dis reg, om Vader se skape terug te bring, wees jy gereed om jouself oor te gee. Die Christus van God is hier, Hy sal jou net weer veilig terugbring na gesondheid. 'n Siekte of beproewing het julle, gisteraand, in die rolstoele gevang sovoorts, wat ook al, sien, beproewing vang jou, maar Vader is hier om jou te verlos, die Heilige Gees. Dawid het gesê. . .

166 "O," gesê: "nou gaan jy 'n bietjie teologiese opleiding moet kry voor jy daar uitgaan om dit te doen," julle weet. So hy het gesê: "Jy beter net my studiebeurs neem sodat dit sal. . . " So hy het sy groot wapenrusting vir hom aangetrek soos *daardie*, en arme klein Dawid het reguit grond toe gegaan. Hy het uitgevind dat die kerkbaadjie van Saul nie 'n man van God gepas het nie, so hy wou nie enige van sy denominasionele papiere hê nie.

167 So hy het gesê: "Trek uit daardie ding vir my, ek het dit nog nooit bewys nie, ek weet niks daarvan nie, maar ek ken wel *hierdie*," het hy gesê: "laat my gaan met dit waarin ek vertroue het." En hy het daardie slingervelletjie geneem en daar uitgegaan, en God het daardie klip gerig en daardie reus doodgemaak. Hoekom? Hy het by God gebly, hy het by sy oortuigings gebly. Reg. Elke ware. . .

168 Petrus en Johannes, toe hulle deur die Skone poort gegaan het, opdrag gegee is deur God om vir die siekes te gaan bid, het daar 'n man gelê wat kreupel was van sy moeder se skoot af, hy het gesê: "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, sal ek jou gee."

Gesê: "Wat het jy?"

"Ek het geloof in Jesus Christus. Het jy dieselfde?"

"Ja, meneer."

169 "Staan dan op jou voete." Amen. Hier gaan jy. Hulle het hom toe net opgetel, hy het gewankel en geskud, hom net bly vashou, dadelik het hy 'n bietjie beter begin word, hier het hy gegaan, reguit aangestap. Daarby gebly, hy het by Sy opdrag gebly, hy het by die Woord gebly.

170 Jesus, toe Hy hier op aarde was, die grootste van almal, daar was nooit een soos Hy nie, en sal nooit een wees nie, maar toe

Jesus hier op aarde was, het Hy by die Woord gebly, Hy het die duiwel verslaan met die Woord van God. Die duiwel het gesê, hy het Hom versoek, gesê: "Wel, jy weet daar staan geskrywe, nou . . ."

Hy het gesê: "Ja, en daar staan ook geskrywe!"

Hy het gesê: "Wel, jy weet ek's 'n teoloog."

Hy het gesê: "Ja, en ek is, ook."

Gesê: "Wel, daar—daar staan geskrywe Hy sal Sy Engele oor U bevel gee dat U nie, enige tyd, voet stamp . . ."

"Ja," het Hy gesê: "daar staan ook geskrywe, jy mag die Here Jou God nie versoek nie. So wyk van My." Hier het hy aangegaan. Sien?

171 Die Woord van God, alle ware profete, alle ware Christene, alle ware gelowiges, bly by daardie Woord, maak nie saak wat enigiemand sê nie, bly jy reg by die Woord. Hulle sê die dae van wonderwerke is verby, moet julle dit nie glo nie, want die Bybel het gesê Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

"Wel," sê julle: "ons glo dit."

172 Wel, as Hy dieselfde is, dan sal Hy dieselfde optree, sal Hy dieselfde doen. Is dit . . .? Wat sou dit my help, hier te staan en dit te preek, as God nie sou afkom en sê dis so nie? Nou, jy kan nie sê dis nie die Woord van God nie, so dit is die Woord van God, hier is bewyse van ander wat dit bewys het.

Glo julle dit vanaand met julle hele hart? Glo julle dit met julle hele hart? Laat ons ons hoofde buig, dan, net vir 'n oomblik.

173 Ons Hemelse Vader, ek het nou net die bladsye van die Bybel omgeblaai, Dit is die geskrewe Woord, nou wil ons die Woord hê wat vlees geword het en onder ons gewoon het, mag Hy nou afstap in persoon, en aan ons Sy goedheid en Sy genade wys, mag Hy aan ons Sy opstanding wys, mag Hy Sy krag wys dat Hy steeds dieselfde is.

174 Nou, ons is net min mense, vervolgde, bespotte mense, en dis wat dit altyd was. En ons wil graag vanaand saam met Paulus staan en sê: "Die manier wat hulle kettery genoem het, mal, dis hoe ek die God van ons vaders aanbid."

175 En nou, Here, ons lewe in hierdie groot dag, wat geprofeteer is, van ongeloof aan elke kant. Ons het baie daarvan, die wêreld is net versmoor daarmee in hierdie Laodicése Kerktydperk.

176 Selfs wanneer U Eie kerk aanstoot geneem het in U, en teruggegaan het, en dinge van die wêreld gevolg het, die kerk sou beter gevaar het as Jesus veertig jaar gelede daarvoor gekom het, as wat dit vanaand is, want dis alles verdeel in allerhande toestande en tradisies.

177 En jong predikers wat opstaan uit die kweekskole met hulle eie verstand en dinge, en nie enige aandag gee aan die Bybel en

tradisies neem, ensovoorts, en hulle dit verstrengel het net soos hulle dit altyd gedoen het.

178 God, U bly steeds dieselfde, net soos U het met, destyds daar in die dae van—van die profete, U is dieselfde God vandag. Ek bid, Vader, dat U Uself sal manifesteer om die mense te laat weet.

179 Nou, gepreek, die wêreld is dood gepreek, die arme mense weet nie wat om te glo nie, hulle hardloop *herwaarts* en *derwaarts*. Net soos U gesê het, in die laaste dae sou daar 'n hongersnood kom, nie vir die brood alleen nie, maar vir die ware Woord van God te hoor, en dat *daardie* tyd nou naderkom, Here, U het gesê hulle sou oos en wes gaan, noord en suid, op soek na die Woord van God.

180 Nou, Vader, dis nou waarlik so, mense hoor sê hulle sou dertig myl oor keistene loop, kaalvoet, om in nog 'n goeie geestelike diens te kom soos hulle altyd veertig jaar gelede gehad het. Maar, O God, waar vind hulle dit? Hulle beland in 'n klomp mensgemaakte dogma.

181 Maar, Here, U het belowe dit sou so wees. Ons het U gesien in daardie Laodicése Kerktydperk, is U uit U kerk gestoot, die enigste tydperk wat hulle U uit U Eie kerk gesit het, en U het aan die deur geklop: "As enigiemand dors is, sal Ek oopmaak en inkom."

182 Vader, ek bid dat daar baie dorstige mense hier sal wees vanaand, wat sal dors, "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word."

183 Nou, ons, as U Kerk, gee onsself oor aan U, mag U met ons werk as U kinders, bid ons, in Jesus' Naam. Amen.

184 Waar is Billy? Was daar gebedskaartjies uitgegee vandag? Of het hy? Wel, laat ons hulle nie gebruik nie. Laat ons God jou Gebedskaartjie laat wees, vanaand. Ek voel net gelei om dit te doen. Voor ons. . . Ja, hierdie is doekies waaroor ons bid volgens Handelinge 19, 19:11, vind ons uit.

185 Nou, hoeveel hier het nie 'n gebedskaartjie nie? Steek julle hande op, julle het nie gebedskaartjie nie en julle is siek? Wel, hoeveel het dan gebedskaartjies? Steek julle hand op. O, goeiste! Een, twee, ek reken daar is nie meer as dertig met gebedskaartjies nie, en omtrent driehonderd wat siek is. Goed, so die meerderheid is aan die ander kant. Laat ons net daardie gebedskaartjies hou vir 'n ander aand.

186 Laat ons net dit sê: As God God bly, en my vergewe om daardie ontheiligende opmerking te maak, God *is* God, en as Hy God is, bly Sy Woord steeds dieselfde, en die Bybel sê dat julle deur Sy wonde genees is. As daardie Here Jesus vanaand sou kom, wat, Hy sou, sou dit die einde van die tyd wees, ons weet dit, maar as Hy hier sou verskyn, vanaand, en hier op hierdie platvorm gestaan het, soos julle my sien staan, en jy na Hom toe

kom en sê: "Here, sal U my genees?" kon Hy dit nie doen nie, Hy sou Sy eie wet breek.

187 Sien, Hy sou sê: "Ek het dit *alreeds* gedoen." Deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom. Hy mag jou soort van vermaan omdat jy dit nie glo nie, maar Hy sou—Hy sou, deur Sy wonde *het* daar vir jou genesing gekom.

188 Nou, hoeveel was hier en het my hoor preek verlede Sondagmiddag oor die Saad van Abraham, en hoedat, uh, julle dit gehoor, ensovoorts?

189 Nou, toe Jesus hier op aarde was, laat ons net sien wat Hy hier op aarde was. Toe Hy hier op aarde was, het Hy gebedsrye gehad, reken ek, sekerlik, maar baiekeer het Hy gestaan, uitgekyk oor die gehoor, en die mense vertel. Is dit reg?

190 Hoeveel weet deur die Skrif te lees dat dit Sy Messiaanse teken was? Hoeveel Skrif, Bybellesers weet dit? Jy bedoel daar's net *soveel* Bybellesers hierbinne vanaand wat dit weet? Omtrent een-derde van die mense het hulle hand opgesteek. Hoeveel Pinksters is hierbinne, vanaand? Steek jou hand op. Skaam jou of jou pastoor, een! Weet nie wat die teken van Messias was nie?

191 Wat het Moses gesê sou die Messias wees? "Die Here julle God sal 'n . . . " 'n leraar oprig? " . . . 'n Profeet, soos ek."

192 En toe hulle gesien het . . . En God het gesê: "As daar 'n profeet is, en hy doen die teken van die profeet, en dit gebeur, glo julle hom dan, want Ek's—Ek's, Ek, dis My Woord, maar as dit nie is nie, moet hom dan nie glo nie."

193 Nou, toe Jesus op aarde was, die manier wat Hy Homself bewys het as Messias, nou, wil ek vir sommige van julle Pinkstermense hierdie wys: Kyk na daardie Samaritaanse vrou, nou, solank as wat jy in Pinkster was, tog het daardie ontugtige Samaritaanse vrou meer van die Bybel geweet toe sy Jesus gesien het, as wat jy weet, want toe Jesus met haar praat en sê: "Vrou, gaan haal jou man":

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Sy het gesê, uh, Hy het gesê: "Dis waar, jy het, het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie, so jy het die waarheid gesê."

194 En sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons daardie dinge vertel." Sy het geweet dit sou die teken van die Messias wees. Sien?

En Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

195 Sy het in die stad ingehardloop, en sy het gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" En die Bybel het gesê dat daardie hele stad in Jesus geglo het as gevolg daarvan, uh, van die vrou se woord. Nou, hoeveel weet dis die waarheid? Sien?

196 Wel, as dit teken van Messias gister was, dan Hy. . .Jy kan nie een Skrif vind waar Hy dit gedoen het voor die Heid-. . ., uh, aan die Heidene, nou nie, want die Evangelie het nog nie na die Heidene toe gegaan nie. Maar Hy het belowe dat voo-. . .aan die einde van die Heidense tydperk, wanneer die Heidene nou soek na 'n Messias. . .Soek ons? Wel, dan, as Hy in 'n ander vorm verskyn as wat Hy toe het, dan is dit nie dieselfde Messias nie. So Hy moet na die Heidene toe kom in dieselfde ding, en Jesus het gesê Hy sou, gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

197 En ons vind uit dat toe die Here afgekom het in menslike vlees voor Abraham, die uitverkore Kerk, toe 'n moderne Billy Graham en hulle soontoe gegaan en gepreek het onder in Sodom daaronder, om Lot, en die kerk daaronder uit te bring, maar vir die uitverkore groep, het die Engel gesit met Sy rug gedraai na die tent en vertel wat Sara in die tent gedoen het. Dit reg? En Jesus het gesê dieselfde ding sou plaasvind net voor die koms van die Seun van die mens.

198 Nou, moenie rondbeweeg nie, bly stil en wees eerbiedig. Hoeveel daarbuite glo dat Hy steeds dieselfde God is? Goed, bid julle, hê net geloof, moenie twyfel nie, bid.

199 En nou, voor God Almagtig, Wat my Regter is, met hierdie gehoor mense, die gekooptes van Sy Bloed, gaan ek kyk of daar enigiemand hier is wat ek werklik in die gebou ken. Nou, as ek dit nie mis het nie, net hier aan hierdie kant, hierdie man wat hier sit, hy en sy vrou, ek dink ek ken daardie mense. Is dit reg, meneer? En ek—ek dink hierdie is ons kosbare broer wat altyd die blomme hiernatoe bring, en die dame wat op die punt sit, ek dink ek ken hulle. En reg daar agter is my goeie vriende, die volgende twee agter, is Broer en Suster Dauch van bo in Ohio. Is dit nie reg nie? Is dit jy, Suster Dauch, en Broer Dauch?

200 Nou, agter aan daardie kant sien ek niemand, en hierdeur nie. Hierdie is nie Broer Stricker wat net hier voor sit nie, is dit? Net hier met die geel hemp aan? Is jy. . .? Nee. En ek weet Broer Stricker is hier iewers, want ek sien hom vandag, maar ek weet nie waar hy is nie, en, o, ja, ver agter oorkant in die hoek, ver agter aan die agterkant. Wel, net om te sien, ek—ek reken dis al wat ek in die gehoor ken.

201 Nou, bid julle, en glo julle, en sê julle dit: "Here Jesus, ek weet dat die, daardie man daarbo net 'n man is," sien: "maar ek glo wel dat ons in die laaste dae lewe. En hier sit ek hier en ek is siek, en die Bybel sê vir my dat U 'n Hoëpriester is wat ek kan aanraak deur die gevoel van my swakhede." Sal almal van julle saamstem daaroor? Dis die Bybel.

202 Wel, dan, toe daardie Hoëpriester hier op aarde was, het 'n vrou, eendag, Sy kleed aangeraak, en sy het gesê: "As ek net Sy kleed aanraak, sal ek gesond word." So sy het Hom aangeraak, en

weggegaan, gaan sit, waarskynlik soos julle daar, of opgestaan, hoe dit ook al was.

203 Jesus het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak? Wie het My aangeraak?" En Petrus het Hom bestraf en gesê almal het Hom aangeraak. Maar Hy het gesê: "Ek sien Ek het swak geword, krag het van My uitgegaan." En Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy die vrou gevind het, en haar vertel van haar bloedvloeiing, en vir haar gesê, haar geloof het haar gered. Is dit reg? Hoeveel weet Jesus het dit gedoen? Sê: "Amen."

204 Wel, hoeveel weet die Bybel het gesê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Amen. Dan, het die Bybel gesê dat net nou, op hierdie oomblik, Hy julle Hoëpriester is, wat aan die regterhand van die Majesteit sit, om voorspraak te maak volgens julle belydenis, en 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word, net nou, deur die gevoel van julle swakhede. Sê: "Amen." Goed.

205 Nou, jy net, ek gee myself oor, dis 'n gawe, ja, meneer, gawe van God, en dit sal nie werk sonder jou nie, jy's die een wat die geloof moet hê.

206 Kyk, die Romein wat 'n lap om Sy gesig gesit het, en 'n stok geneem, en hom op die kop geslaan het daarmee in die howe daardie oggend, en gesê het: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het," Jesus het nooit Sy mond oopgemaak nie, hy het nooit 'n bietjie krag gevoel nie, daardie Romeinse soldaat het nie.

207 Jesus wat daar gestaan het, met spoeg oor Sy hele gesig en baard, bebloed, 'n lap om Sy gesig soos *hierdie*, en 'n Romeinse soldaat wat daar gestaan het, half dronk, miskien, met 'n riet, gesê het: "Haai, hulle sê vir my jy's 'n profeet, jy kan die gedagtes van die hart onderskei, sê vir ons wie jou geslaan het, sê vir my wie jou geslaan het, en ek sal jou glo," Hy het nooit enigiets gedoen nie.

208 Toe Satan gesê het: "As jy die Seun van God is, doen 'n wonderwerk net hier, laat ek jou dit sien doen, laat ek jou dit sien doen, 'n wonderwerk doen, ek sal jou glo."

Hy het gesê: "Wyk van My, Satan."

Julle het hulle gehoor, vandag nog, sê: "Laat—laat ek hierdie Goddelike genesers *hierdie* sien doen." Wel, sekerlik. Sekerlik.

"Wyk van My, Satan!"

209 Jesus bly steeds. Ons hou ons oë op Jesus, nie op kritici nie, op Jesus. Jy jou oë op Christus—op Christus hou, sal jy nie die kritici sien nie, net aanbeweeg. Ek weet Hy's dieselfde, vir my, Hy's my God, dis reg, my Verlosser.

210 Nou, bid julle, julle daarbuite, en laat ons sien. As Hy dieselfde ding sal doen, vir al julle nuwelinge, hier vanaand, wat nog nooit tevore in die dienste was nie, sal dit julle laat glo? Steek julle hande op en sê: "Ek—ek glo." Omtrent drie hande.

211 Dis waarom Amerika in haar gerf-optel is. Daar was omtrent twee-derdes van die skare wat 'n rukkie gelede gesê het hulle was nuwelinge, Ek het gesê: "Hoeveel sal glo, as Christus hier sal verskyn en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy gelewe het?" Drie hande het opgegaan. Nou, kan julle sien waarom die bandopnames, en wat die profesieë sê. Sien? Goed. Julle ware gelowiges egter, begin glo, begin dink, begin bid.

Laat my dinge sê wat ek nie wil sê nie, en dit pla my. (Net 'n oomblik, asseblief.)

212 Hemelse Vader, ek bid dat U genadig sal wees, God. Ek—ek weet nie, miskien as—as dit nie U wil is nie, dan, natuurlik, Vader, sal dit nie wees nie. Maar ek bid dat U dit sal skenk, dat hierdie mense mag weet dat ek van U gepraat het, U spreek dat ek die waarheid vertel, Here, laat U dit terugkom. Ek weet U is hier, wel, sonder 'n sweempie twyfel, Here, ek weet U is net hier, en ek bid dat U dit sal skenk.

213 Ek het hard gepreek, en mense bestraf, en hulle vertel van hulle ongeloof, en hulle, maak nie saak hoeveel hulle kerk toe gaan, en hoeveel hulle sing, hoeveel hulle dans, en wat hulle ook al gedoen het nie, Here, tensy hulle gelowiges is, is hulle—is hulle verlore. En ek bid, Here, dat U dit sal bekend maak, as die waarheid vanaand, ongeloof is die enigste sonde wat ons het, en ek bid, Vader, dat U dit sal bekend maak.

214 Laat hulle nie op hulle eie geregtigheid vertrou nie. Daardie Fariseërs en priesters was net so regverdig as wat hulle kon wees, sodat hulle nie enigiets verkeerd gedoen het nie, nie 'n slegte woord wou sê nie, nie enigiemand sou uitskel, of enigiets nie, en U het vir hulle gesê hulle was van hulle vader die duiwel, omdat hulle U nie geglo het nie, en geweet het U was die Messias.

215 En, Vader, daaroor, om U selfde Gees te sien kom en dit vanaand te doen, skree ek dieselfde ding. Staan by my, Here, ek's U dienskneg, in Jesus' Naam, vertrou ek myself toe aan U saam met hierdie gehoor. Gaan deur hierdie gehoor, Here, en kies hulle daar uit, gee hulle geloof en laat hulle U aanraak vanaand, met hulle siekte en hulle probleme, bewys U dat U God is, en spreek, Here, ons wag op U, in Jesus' Naam. Amen.

216 Ek weet Hy's hier. Dankie, Here. Daardie man wat hier oorkant sit aan my regterkant, gekleurde man, wat daar sit, bid, op die punt van die sitplek, gaan jy met jou hele hart glo, meneer?

217 Die vrou wat daaragter sit met diabetes, wat net sit, die tweede een van binne af, wat na my kyk, glo jy dat God jou sal genees en jou gesond sal maak van die diabetes? Sit net hier, kyk reguit na my? As jy dit sal glo, kan jy dit kry.

218 Wat van jou, Eerwaarde? Wat dink jy daarvan? Dink jy dat God maak, daardie geestelike probleme van jou wegneem en jou laat glo? Goed, dan kan jy kry waarvoor jy vra. God seën jou.

Wat het hy aangeraak?

219 Hierdie dame wat sit, van my af, net hier op die punt van die ry, gekleurde dame, wat net daarbuite sit, met 'n kanker, dink jy God sal jou gesond maak, dame? Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie een nodig nie. Jy's genees.

Jy moes net daar geantwoord het, dame. Jy het dit gemis.

220 Hier, soort van 'n gesette dame, wat net hier sit, na my kyk, reg hieronder, bril op, hare agter vasgemaak, 'n vroulike probleem het, wat daar sit en bid, glo jy God sal jou genees, dame? Glo jy dit met jou hele hart? Jy het jou. . .Het jy 'n gebedskaartjie? Wel, jy sal dit nie hoef te gebruik nie, jou geloof het jou gesond gemaak.

Ek sal my rug draai. Bid julle, hierdie kant.

Daar's 'n dame wat reg hieragter sit wat hartprobleme het, en sy het artritis. Net hier. Mev. Brady, staan op. Ek ken nie die dame nie.

Maar hulle mis dit. Wat is die probleem met daardie ongeloof hierbinne vanaand? Skaam julle!

221 Hier, reg af in die ry van die dame af, omtrent een, twee, drie, vier dames, 'n dame wat daar sit wat floutes kry, wat. . . dit nie mis nie, suster. Mev. Rice, staan op en aanvaar jou genesing. Amen.

Glo julle met julle hele hart?

222 Hier sit 'n dame hier oorkant in 'n sterwende toestand met 'n kanker wat op haar is. Mev. Skelton, sal jy glo met jou hele hart? Staan op en ontvang jou genesing in die Naam van Jesus Christus. Nou, as ek jou nie ken nie, dame, wuif jou hand soos *hierdie*, as ons vreemdelinge vir mekaar is, wuif jou hand heen-en-weer as ek jou nie ken nie.

223 Sien julle? Glo julle nie? Wat is die probleem met julle Pinkstermense? Weet julle nie wat Christus is nie? Wil julle genees word? Staan dan op julle voete en aanvaar dit. Ek—ek daag julle uit om dit te glo in die Naam van Jesus. Staan op, sit julle hande op mekaar, en aanvaar julle genesing. Onthou, dis jy, die een. Glo jy met jou hele hart?

Steek nou julle hande op na Christus en laat ons bid. Bid jy self, bid vir jouself terwyl ek vir julle bid.

224 Hemelse Vader, ek gee vir U hierdie gehoor mense in die Naam van Jesus Christus, genees elkeen van hulle, Here, laat U Gees en krag op hulle kom en hulle gesond maak, tot die eer van God en vir die eer van God vra ek dit, in Naam van Jesus Christus.

225 Elke sondaar wat hierbinne is wat God nie ken as jou Verlosser nie, sal jy nie hiernatoe kom en Hom nou aanvaar as jou Verlosser nie? Kom nou hiernatoe, ek daag julle uit om nou

hiernatoe te kom en Christus as julle Verlosser te ontvang. Sal julle kom? Ongelowige, dit was ’n rukkie gelede, en wil aanvaar?

God seën julle, menere, kom reguit uit. Dis reg jong man, dis reg. O, dis reg.

226 Julle wat nie ’n paar minute gelede geglo het nie, en nou wil julle God vra om julle te vergewe vir julle ongeloof, kom rondom die altaar. Kom nou.

Glo net, glo net,

God seën hierdie manne wat kom.

Alle dinge is moontlik, (. . .?. . .)
Alle dinge is moontlik, glo net.

227 Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Katoliek, Pinksters, wat ongelowig is, kom nou om die altaar, kom sodat ons hande op julle kan lê terwyl die salwing. . .

228 Wat anders kon dit doen? Al daardie mense wat in daardie ry geroep is, waar dit ook al was, as julle vreemdelinge vir my is, steek julle hande op, hulle wat in die ry geroep is, steek julle hande op. Daar is hulle. Sien? Ek ken nie daardie mense nie.

229 Die Heilige Gees, weet julle wat Hy vir my gesê het? “Maak ’n altaar-oproep net nou. Daar’s baie ongeloof hierbinne.” Ek kon nie eens met die diens voortgaan totdat ons daardie ding hier uitkry nie. Wat is die probleem? Kom weg! Jy wil nie ’n gees soos daardie om jou hê nie. Wat as Jesus in Persoon kon kom vanaand, julle wat daarbuite sit? Julle ongelowiges, komaan!

Alle dinge is moontlik, glo net.

Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik. . .

230 Komaan. Kom nou reguit uit, elkeen van julle. As Christus so naby aan jou is in daardie Teenwoordigheid, waarom sal jy agterbly? Jy ’n klein skeptiese gevoel gehad het, kry dit uit jou uit, komaan nou!

. . .glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

Glo net. . .

Dis al wat Hy julle vra om te doen, om te glo, glo net dat dit Hy is. Net, as julle dit nie glo nie, kom op en bely dit, kyk wat gebeur.

. . .moontlik is, glo net;
Glo net. . .

Komaan, suster, dis reg. “Hy wat uitgaan en trane stort, sal twyfel-. . .weer met blydskap terugkeer, kosbare gerwe inbring.”

Alle dinge is moontlik, glo net.

Bly om pastore te sien opkom, gewillig is om te bely dat hulle verkeerd is.

Glo net . . .

231 God sal 'n suiwer onvervalste belydenis eer, sal beslis. Wat gaan jy doen wanneer hierdie selfde Gees, hier vanaand, jy in Sy teenwoordigheid gaan staan om daarvoor te antwoord by die Oordeelsdag? En onthou, dis presies op skedule. Dis wat Hy gesê het Hy gaan doen, en hier is dit.

. . . glo net;

Sal julle nou kom, nog 'n paar?

Glo net . . .

232 Ek bied jou vryheid aan, ek bied jou vryheid van al jou ongeloof aan, as jy opreg sal kom, en bekeer, en Christus aanvaar. As jy bygelowig is, 'n kerklidmaat, nie weet of jy reg is of nie, beter jy kom.

. . . net glo.

233 Nou, persoonlike werkers, julle kom, al die persoonlike werkers, julle kan net nou opkom, sodat julle weet wat om te doen met die mense, julle persoonlike werkers, kom reguit op en vergader nou om hulle, hierdie mense hierrond, want ons gaan gebed hê.

234 En as daar ongelowiges daaragter is en wil saamkom, kom julle in elk geval net reguit vorentoe. Deurdat julle vorentoe geloop het vanaand, mense, het julle bely dat julle vertroue het dat julle verkeerd was in julle bevrugting, en julle kom nou om 'n ondervinding van die lewende God te kry. Hierdie selfde God wat julle hier sien werk hierbuite by die platvorm en deur die mense daarbuite, Hy is julle God, julle—julle, miskien het julle net—julle net nie 'n oomblik stil gestaan om dit te oorweeg nie.

235 Hy is hier, Hy is die Een Wat jou geroep het om hiernatoe te kom. Sien? Dieselfde Gees wat my gesalf het om die Evangelie te preek, is dieselfde Een Wat daar deur die gehoor uitgegaan het, wat jou ken, jy kan Hom aanraak deur die gevoel, jou swakhede.

236 Mense, sonder enige twyfel, mense wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie, staan daarbuite, aand na aand deur die gehoor, kom hier op die platvorm, aand na aand, dag na jaar, week na week, herlewing na herlewing, en nooit een keer faal dit nie. As dit reg is, kerk, sê: "Amen." Dan, waarom is dit dat die Here . . .

237 Laat ek vir jou sê, SO SPREEK DIE HERE: Jy beter bekeer, Chicago. Jou uur is naby. Bekeer! Kom, glo, want daar sal 'n tyd kom dat jy sal uitroep hiervoor, en dit nie daar sal wees nie. Jy wil nie 'n *egte* ontvang nie, so daar sal 'n valse vir jou gegee word. Jesus het gesê: "Ek kom in My Eie Naam, julle ontvang My nie, 'n ander een sal kom en julle sal hom ontvang." Onthou, ek haal Sy Woorde aan, dis op band, op rekord.

238 Jy beter Hom ontvang terwyl jy kan, want daar is baie dinge in die wêreld wat gereed is om te gebeur. Insekte wat nog nooit tevore uitgebroei het nie, sal uitkom. Nou is die tyd om reg te maak, jy beter dit doen voor jy . . . dan sal die, die genadetroon, naderhand, wegbeweeg, en daar sal nie enige verlossing meer wees nie, so kom terwyl julle kan. As daar een stukkie van God is wat jou roep, beweeg net nou uit.

Sodat ek seker sal wees, laat ek seker wees, nog een keer, *Glo Net*, almal saam.

Net . . .

Ek bly voel daar's iemand daarbuite wat . . . iemand iewers.

. . . net . . .
. . . dinge is moontlik, net . . .

239 Ek's nie 'n fanatikus nie, mense, wat iets sê wat ek nie regtig in my hart bedoel nie. Julle sou sekerlik nie dit dink na wat die Here gedoen het nie. Hier kom 'n hele groep jong tienermeisies.

Nou, is alle dinge moontlik, glo net.

240 Nou, ek wil hê julle persoonlike werkers, lê hande oorkant op, elkeen van julle lê, sit net jou hande op iemand anders sodat jy, net soos ons Broer Oral Roberts gesê het, 'n kontakpunt. (Julle het nie 'n kamer hier om hulle in te sit nie, het julle? Nee, ek dink nie hulle het nie.) In hierdie soort dienste, partymaal wanneer ons dit het, julle weet, opgestel waar ons kamers kan hê vir gemeenskap.

241 Ek wil hê die hele gehoor moet julle hoof oral buig, as julle sal, julle daarbuite wat geïnteresseerd is in hierdie siele hier by die altaar, in die wete dat hulle eerbiediglik gekom het, vanaand, om hulle foute te bely en—en om vergifnis te vra, vir God om hulle genadig te wees. Sekerlik.

242 Ek reken julle wonder hoekom ek aanhou om my hande op *hierdie* hier te sit. Ek is nie bygelowig nie, elke nou en dan kyk ek uit en sien 'n visioen, en dan wanneer, mense daarbuite sien wat glo en genees word, en dis hoekom ek my hande terugsit *hierop*, op daardie tyd. Sien?

243 Broer, suster, kan jy verstandelik versteurd genoeg wees om te glo dat iemand hier kan staan en iets doen, daar uitgaan in daardie gehoor, 'n menslike wese met 'n . . . net 'n menslike wese, en daar uitgaan en weet dat mense ly en siek is, en aangaan? Kan jy? Dis—dis onmoontlik. Dis die grootste wonderwerk wat ooit in tweeduisend jaar gebeur het. Sekerlik.

244 Wel, jy kan dink aan psigiese toestand, as 'n man opgestaan het uit 'n rolstoel en weggestap het, dit—dit is gedoen, sekerlik. Maar sê vir my waar 'n krag, wys my waar iemand met 'n Ph.D., hier op hierdie platvorm kan kom, en daar uitstap deur die Heilige Gees, en daardie mense daardie dinge vertel net soos die Heilige Gees vanaand gedoen het, soos Jesus Christus het toe Hy

hier was. Sê my waar hy is, bring hom hier na die platvorm toe môre-aand, ek sal op die uitkyk wees vir hom. Sien, dit is nie hier nie; Dis die Heilige Gees.

245 En daardie siek mense, daardie Christene daarbuite, wat bid, en hulle raak Jesus Christus aan. En deur 'n Goddelike gawe is Hy, ek kyk net daar en sien hulle, daar's 'n Lig oor hulle, dit versprei net, en ek sien wat hulle is en wie hulle is, ek, net soos ek hier na julle kyk, maar sien hulle êrens anders, wat iets doen, en dan praat ek net, en dan wanneer ek klaar praat, weet ek nie wat ek gesê het nie. Sien? Dis net soos 'n droom wat van my af weggegaan het. Maar daar is dit, dis presies wat God gesê het Hy sou doen. Ek vra enige geestelike om dit te ontken, jy kan dit nie doen nie, want dis net hier in die Bybel, SO SPREEK DIE HERE. Sien? En hier is dit by die uur.

246 Nou, julle staan hier, vol berou, julle wil reg wees met God; ek wil julle in 'n beter Land ontmoet as wat hierdie is, eendag. En ek—ek sê vir julle, my broer, suster, Christus lewe steeds, Christus is hier. Ons is by die . . . naby die einde van tyd, vir my, ek glo Hy kom in hierdie geslag, ek glo hierdie geslag sal Jesus sien kom, ek doen dit met my hele hart. Ek het op 'n manier 'n gevoel gekry dat ek Hom mag sien kom, en ek wat 'n—'n ou man is, ek glo nog steeds ek mag Hom sien kom.

247 Nou, ek wil hê almal hierbinne moet op julle eie manier bid, julle foute bely, sê: "God, ek's jammer." En elkeen in die gebou, julle wat sondig is wat hier staan, sê: "God, vergewe my, ek wil 'n Christen wees van vanaand af."

248 En julle wat hier is en bely dat julle traag was en julle—julle nie in staat was om dit te begryp nie, sê: "Nou, Here, hier staan ek hier, ek het my hart oop, my arms op na U, my geloof kyk na U." En wanneer jy dit doen, dan glo ek sal God jou vul met die Heilige Gees en jou die egte Ding gee.

249 As die Heilige Gees hierbinne is, as jy regtig die doop van die Heilige Gees gehad het, broer, moet dit *hiervan* getuig, want dit is die Heilige Gees. (Nou, neem dit boontoe, my broer.) [Leë kol op band—Red.]

250 Goed. Nou, ons wil almal nou ons hoofde eerbiedig buig en wees, bid net saggies vir jouself net vir 'n oomblik.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Nou, luister na my terwyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van hierdie dag af
Geheel aan U behoort!

Terwyl ek die lewe se donker doolhof bewandel,
En droefheid om my versprei, (Dit kom.)

Wees U my Gids; (Neem my nou, Here, wees my
Gids.)
O, laat die duisternis verander in dag,
Vee droefheid se trane weg,
Laat my ook nooit afdwaal
Van U af nie.

251 O Vader God, 'n Woensdagaanddiens wat tot die einde kom, daar is tweehonderd of meer mense, reken ek, wat rondom hierdie altaar staan, hulle bely, hulle het genade nodig, die pragtige ou gesang word gespeel, *My Geloof Kyk Op Na U*, hulle besef, Here, dat die mens nie hierdie dinge kan doen nie, dat dit U is.

252 En soos Miga was, vanaand, in ons les, hy het geweet sy visioen was van God, want dit was volgens die Woord van God, so weet ek, Here, vanaand, so weet ons dat hierdie visioen van God is, want dis volgens Sy Woord.

253 En hier staan Abraham se Saad, die uitverkore Kerk, wat uitkom, wat gereed wil wees om na El Shaddai toe te kom, om die krag van God te kry, vir die veranderde-liggaam om die Seun te ontvang wanneer Hy kom. Ek bid dat U dit sal skenk, Here, aan hulle vanaand, elkeen van hulle, hulle die begeerte van hulle hart sal gee. Vergewe die sondaar, bring die afvallige terug, Here, neem al die twyfel uit die gelowige se hart, maak hierdie 'n groot uur, Here.

254 Ek glo U is hier, ek weet U is hier, en U—U Gees beweeg. Ons voel die soetheid van U Teenwoordigheid. Ons sien U deur die gehoor beweeg, doen net wat U gesê het U sou doen.

255 Nou, Vader, ons dank U dat U dit doen. Ons glo, en ek neem elkeen van hierdie siele wat by hierdie altaar staan, as U dienskneg staan ek tussen hulle en die dood, staan ek tussen hulle en die ongeloof.

256 En ek gooi myself in die pad, in die Naam van Jesus Christus, en sê vir Satan wat hulle bind: Jy kan hulle nie langer vashou nie." Ek daag elke duiwel uit wat teenwoordig is: Verlaat hierdie mense! Kom uit hulle uit! Jy kan hulle nie langer hou nie, hulle sondes is vergewe, hulle ongeloof is weg. Hulle is kinders van God van hierdie uur af, aan. Hulle bediening is, sal groot in hulle lewe wees, die krag van God sal hulle vergesel oral waar hulle gaan. Hulle sal God se kinders wees van hierdie uur af, aan. Satan, ek praat met jou! Verlaat hulle! In die Naam van Jesus, kom uit hulle uit!

257 Nou, elkeen, as julle dit glo, steek julle hande op en prys Hom, en jy kan wees . . . vry van hier af weggaan, vanaand, in die Naam van die Here Jesus.

61-0426 Miga Die Profeet
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org